die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 372 • Junie 2024



LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

Junie 2024 | No. 372

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Skoolverlater: Wat nou? Waarheen nou?

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Om in Rome te wees sonder om 'n Romein te word ............ 1

**AMPTELIK** ............ 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Dr. Ernst Viljoen**
God en Mammon ............ 4

**HOOFARTIKEL**
**Flip Buys**
Roepingsbewustheid en my loopbaankeuse ............ 6

**ARTIKELS**
**Lucia van Wyk**
Hoe kies ek 'n skool vir my kind? ............ 8
**Prof. Gerrit Smit**
Is die keuse van 'n universiteit belangrik? ............ 10
**Werk in Amerika: Ons gesels met ...**
Pietman Oosthuizen en David du Plessis ............ 12
**Maretha Lubbe**
Loopbaankeuse: Hoe help ek my kind? ............ 14
**Hannes Noëth**
Ek kan nie universiteit toe gaan nie – wat nou? ............ 16
**René Roux**
Die krag van opleiding ............ 19
**Dr. Albertus Breytenbach**
Die AP Akademie: Wegspringplek van roeping ............ 21
**Prof. Danie Goosen**
Akademia: Christelik-klassieke opleiding en vorming ............ 24
**Nadia Scott**
Aros: 'n Christelike hoëronderwysinstelling ............ 25
**Ds. Joubert Ferreira**
Liturgie in die Nuwe Testament ............ 27

**AKTUEEL**
Beurse en lenings ............ 18
Brief ............ 30
Bybelwoordblok ............ 29
Gemeentenuus ............ 31
Smeltoond: *Semper Reformanda secundum verbi Dei* ............ 22

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Möller**
*Een Eeuw van Onrecht* (3) ............ 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Hannekie Verwoerd**
Ratte wissel ............ 35

**VOORBLAD:**
**Dit raak al moeiliker vir Christenjongmense om die regte loopbaankeuses te maak en te besluit waar om te studeer en of hulle enigsins moet studeer.**

**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Subredakteur**
Mev. C Möller

**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough

**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za

**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
**Kerkkantoor en Boekwinkel**
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Administrasie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Om in Rome te wees sonder om ’n Romein te word

Ds. Schalk Strauss

**Aan die begin van die jaar maak Shaun Christie, senior student aan die Noordwes-Universiteit, opslae toe hy geskors is omdat hy kapsie gemaak het teen die LGBTQIA+-inhoud van ’n oriënteringsessie vir eerstejaarstudente. Hy betoog dat Christenstudente nie ’n veilige ruimte het om oor Christenskap te praat nie, terwyl gesprekke oor genderkwessies wel toegelaat word. Dit is maar net een voorbeeld van Christenstudente se toenemende isolasie en marginalisering op universiteitskampusse.**

Die gemene deler van die tradisioneel Afrikaanse universiteite in Stellenbosch, Pretoria en Potchefstroom is dat hulle almal rondom teologiese skole ontstaan het. ’n Christelike onderbou met ’n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing was die “moederfondasie” van hierdie instellings. Vandag word teologiese fakulteite by hierdie instellings herbenoem om ruimte te maak vir ander godsdienstige oortuigings as eweknieë vir die Christelike godsdiens. Die tersiêre wêreld het verander. Jerusalem lyk nou soos Rome. Die tempel is vernietig en in die plek daarvan verrys, soos prof. Gerrit Smit dit later in hierdie uitgawe noem, ’n “multiversiteit” van afgodstempels waaruit verskillende (en dikwels teenstrydige) waarhede met sogenaamde akademiese integriteit verdedig en verkondig word. Die sekularisering van die samelewing word juis vanuit hierdie instellings gevoed.

Dit is hoe die hedendaagse tersiêre omgewing daar uitsien. Op ontnugterende wyse verstaan toegewyde Christenjongmense nou Christus se bedoeling met: *... daarom haat die wêreld julle* (vgl. Joh. 15:18-19). In eenvoudige Afrikaans sal ons sommer sê:

> **Dit is leeuwêreld daar buite. Die vraag is: Hoe bly ons staande in so ’n wêreld? Hoe bly jy in Rome sonder om ’n Romein te word?**

## Soek ’n Christelike alternatief

Op die vooraand van die ingebruikneming van die destydse Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se hoofgebou, maak prof. JD du Toit (Totius) die volgende belangrike uitspraak: “Werklik, as dié inrigting [die PUK] sou moes opgehef word wat moet ons dan begin? Net maar wéér een oprig – dit is al wat ons sou kon doen!” Dit blyk profetiese woorde te wees, want ons betree inderdaad ’n tyd waarin dit vir ons nodig is om, soos Israel van ouds, die mure van Jerusalem te herbou en weer van voor af die tempel op te rig.

Wanneer Jerusalem Rome begin word, moet alternatiewe geskep word wat stewig op die moederfondasies gevestig is. Dit verg visie en daadkrag, dit verg manne wat verder as die horison kan sien. Om hierdie rede is ons dankbaar vir die vêrsiendheid van gelowige voorgangers. Reeds in 1988 is daar met eie teologiese opleiding by die destydse Teologiese Skool van die AP Kerk begin. Al moes hierdie instelling dikwels soos Noag die spot van mense verduur, was hulle inderdaad besig om ’n ark te bou. Vandag staan hierdie instelling bekend as die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA). Toe ander instellings die spoor begin byster raak, het die APA op die ou spore gebly met die doel om vanuit daardie spore, nuwe weë in ’n veranderde en vyandige wêreld te baan. Die fondasie van hierdie instelling is stewig gegrond in die klassieke Christelike tradisie.

In 2004 maak die Akademie vir Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) sy deure oop met die doel om onderwysers aan die hand van ’n Christelik-gefundeerde

1. JD du Toit, *Totius Versamelde Werke Deel 4* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1977), 109.

kurrikulum en volgens 'n Christelik-Reformatoriese grondslag op te lei. In 2011 begin die Solidariteitbeweging met Akademia, 'n klassieke Christelike, Afrikaanse en onafhanklike hoëronderwysinstelling. Hoewel nie so volledig in die klassiek-Reformatoriese tradisie nie, identifiseer hierdie instelling homself wel as breedweg Christelik en Westers.

Waar ons in hierdie uitgawe stilstaan by die keuse van universiteite, stel ons graag hierdie instellings as alternatiewe vir Christelik-Afrikaanse studente bekend.

**Al bevind ons ons tans in Rome, hoef ons nie aan die keiser uitgelewer te wees nie.**

Ons skep alternatiewe. Dit is nodig om hierdie alternatiewe uit te bou en te versterk as ons wil verseker dat ons kinders en kleinkinders nie oor 'n geslag of twee volbloed-Romeine is nie. 'n Romeinse afgodstempel hoef nie hul enigste keuse te wees nie.

## Hoe lyk die fondasies?

Die fondasies van hierdie Christelike instellings moet valkoog bekyk word alvorens ons ons daarin begewe. Om "Christelik" deel van 'n instelling se benaming of identiteit te maak, is soms 'n handige bemarkingsfoefie. Vra maar vir ouers wat hul kinders in "Christelike" openbare skole sit en uiteindelik met 'n skok ontdek dat 'n sporadiese gebed of twee tydens 'n saalopening waarskynlik die somtotaal van die skool se Christenskap is!

Dit is soms makliker as jy weet die instelling is sekulêr, want dan is die vyand oop en bloot. Dit is egter baie moeiliker as jy met wolf in skaapsklere te doen het. Daarom moet die fondasies van Christelike instellings deeglik ondersoek en aan die Skrif getoets word. 'n Christelike instelling is nie veronderstel om kompromieë met Rome te sluit nie. Christenstudente moet daardie instellings uitsoek wat soos die gelowiges van ouds, bereid is om ten bloede en selfs tot die dood toe teen 'n bloeddorstige Romeinse owerheid weerstand te bied. Soek daardie instelling wie se Christenskap diepgewortel is en wie se didaktiek deur 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gekenmerk word. Soek vir meer as net 'n sousie – soek vir 'n volledige fynproewersmaaltyd!

## Sekulêre universiteit my enigste opsie

Soms is 'n sekulêre, nie-Christelike instelling ongelukkig die enigste opsie. Dit hoef egter nie 'n doodsvonnis te wees nie, want dan weet jy sommer uit die staanspoor waarmee jy te doen het: 'n Vreemde en vyandige omgewing waarin jou standpunte nie noodwendig lugtyd gegun word nie. Jy gaan uitgedaag en bevraagteken word, maar ook hiervoor behoort ons gereed te wees. Ons word immers opgeroep om tydig en ontydig die woord te verkondig (vgl. 2 Tim. 4:2) en van die hoop wat binne ons is, rekenskap te gee (vgl. 1 Petr. 3:15). Dit beteken egter wel dat jy op jou hoede moet wees vir die brullende leeu wat rondloop en soek wie hy kan verslind (vgl. 1 Petr. 5:8). Wat kan jy doen om nie leeukos te word nie? Michael Kruger gee die volgende raad:[2]

### *Oppas vir naïewe en oordrewe selfvertroue*

Hierdie ingesteldheid kom gewoonlik voor onder studente wat in Christelike huise en 'n stabiele kerklike omgewing grootgeword het. Hulle is so vol selfvertroue dat wolf in skaapsklere hulle ontglip. Hulle dink hulle kan enige uitdaging en versoeking hanteer. Moenie naïef wees nie. Die wêreld daar buite is geestelik uitdagend.

Ouers, dink mooi hoe julle jul kinders vir studentetyd op 'n sekulêre universiteitskampus voorberei. Bemagtig hulle om ten minste die basiese vrae te kan beantwoord en oor die kernkonsepte van hulle geloof rekenskap te kan gee.

### *Oppas vir onbeteuelde agterdog*

Dit is die keersy van bogenoemde waarskuwing. Baie Christenstudente betree 'n sekulêre kampus met 'n tipe paranoia en selfs 'n slagofferkompleks – dat almal daarop uit is om hulle by te kom en te ondermyn. Dit is egter nie noodwendig die geval nie. So 'n benadering kan baie teenproduktief wees, want dit maak dat Christene altyd op die verdediging is, dat hulle oorsensitief is en nie graag na ander standpunte wil luister nie. So 'n ingesteldheid gaan die universiteitslewe baie moeilik maak en jou boonop

2. https://bit.ly/3yufgis

van waardevolle geleenthede ontneem om jouself toe te rus en op te skerp ten opsigte van sekulêre standpunte.

### *Oppas vir alleen wees in die donker*

Wanneer jou geloof nog in sy kinderskoene is, moet jy versigtig wees om alleen in die donker rond te loop. Bly in 'n groep en bly in die lig. Hoe doen jy dit? Kry 'n goeie kerk waar jou geloofsgrondslag versterk en uitgebou kan word, waar jy jou vrae kan vra en toegerus kan word. Omring jouself met Christenvriende sodat moeilike omstandighede nie jou getuienis laat wankel omdat jy onseker is nie, maar jy deur die skare getuies rondom jou versterk kan word.

### 'n Pleidooi

Ons jongmense is inderdaad uitgelewer, maar genadiglik laat God sy kinders nie uit sy hand ruk nie: Deur die vestiging van privaat Christelike instellings bou ons en bied ons weerstand. Die gevaar is egter groot dat elkeen van hierdie instellings maar net weer septer oor eie ryk wil swaai. Die tyd waarin ons leef, laat ons nie hierdie luuksheid toe nie. Ons het 'n unieke geleentheid om die oorwinning in Christus te leef sodat 'n beter alternatief gevestig kan word as wat die sekulêre staat bied – een waar Christus Koning is. Ons het die geleentheid om hande te vat en mekaar te versterk, sonder om afgunstig te kompeteer vir die guns van die keiser. Die vyand is daar buite en ons lê in dieselfde loopgraaf. Laat ons vestings binne-in Rome bou, bastions wat ons en ons kinders in staat stel om nie Romeine te word nie, al bly ons in Rome.



## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Henning Dafel (Potgietersrus) na Waterberg/Vaalwater.
- Ds. Nico Hefer (Kimberley/Douglas) na Groblersdal.
- Ds. Riaan Pretorius (Hoëveldrif/Bethal) na Waterberg/Vaalwater.
- Ds. Jaques Boonzaier (Nigel/Fonteine) na Hluhluwe.
- Ds. Emilé Trollip (Sannieshof/Ottosdal/Coligny) na Groblersdal.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Jaques Boonzaier (Nigel/Fonteine) na Hluhluwe.

### Beroepe bedank

- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Waterberg/Vaalwater.
- Ds. Henning Dafel (Potgietersrus) na Waterberg/Vaalwater.
- Ds. Nico Hefer (Kimberley/Douglas) na Groblersdal.

## LERAAR OORLEDE

Dr. Willie Burger is op 14 April oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## SKOOLKWARTALE 2024

Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Julie/Augustus 2024** | 16 Mei | 25 Junie |
| **September 2024** | 11 Julie | 26 Augustus |
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

### Inskrywing 2024 – Elektronies

Om elektronies op *Die Boodskapper* in te teken, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za en ontvang die nuutste uitgawe interaktief en in volkleur teen R170 per jaar.
Lees vorige uitgawes van *Die Boodskapper* aanlyn by: www.apk.co.za/tydskrifte/



# God en Mammon[1]

**Dr. Ernst Viljoen**

***Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!*** **(Mt. 6:24)**

Is dit waar dat ons Vader in die hemel weet wat ons nodig het nog voor ons Hom vra? Is dit waar dat jy saans in vrede kan gaan lê en meteens aan die slaap raak omdat Hy alleen jou in veiligheid laat woon? Of is dit eerder waar dat jy saans bekommerd rondrol, moeg gaan lê en nog moeër opstaan? Dat die opdraand voor jou al hoe steiler word en dat jy jou dag vir dag moet afsloof, altyd meer hooi op jou vurk moet neem en tog nog steeds besef dat jy nie behoorlik die mas opkom nie en dat jy steeds nie in jou en jou gesin se toenemende behoeftes kan voorsien nie?

## In die sweet van jou aangesig

Ons moet realisties wees. God het nie vir ons hemel op aarde belowe nie. Dit is Hy wat gesê het dat jy in die sweet van jou aangesig jou brood sal eet. As jy nie reg en verantwoordelik en toegewyd leef nie, loop dinge gou-gou skeef en is jy kort voor lank in groter moeilikheid as wat jy self kon voorsien. Paulus sê: *Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie* (2 Thes. 3:10). In Spreuke 6:10-11 staan:

> *Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande-vou om uit te rus! So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man.*

Tog weet selfs die siniese Prediker om vir ons te sê:

> *Gaan dan heen, eet jou brood met vreugde, en drink jou wyn met 'n vrolike hart, want God het lankal behae in jou werke. Laat jou klere altyd wit wees, en laat olie op jou hoof nie ontbreek nie. Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, al die dae van jou nietige lewe wat Hy jou gegee het onder die son – al jou nietige dae; want dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid wat jy met moeite verrig onder die son. Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag ...* (Pred. 9:7-10).

Die lewe is nie juis 'n lied tensy jy nie voortdurend poog om een daarvan te maak nie. Om egter van die lewe 'n lied te maak, het jy meer nodig as geld en goed en om jou dag ná dag flou te werk.

Dinge soos ware geluk en vrede en gemoedsrus en gesondheid het nie 'n prys nie en geld en rykdom kan dit ook nie koop of waarborg of onderhou nie. Daar is 'n geheimenis in verband met God se koninkryk en sy eindelose genade en 'n lewenskuns deur die geloof wat eindeloos meer grondliggend en kosbaar as aardse goed en rykdom is. Dit is wat die Rabbi op die berg met klinkklare logika en bewyse hier wil tuisbring.

Dit is weliswaar so dat jy ophou om te leef die dag as geld jou baas of Mammon jou god geword het, soos die Here Jesus dit hier stel. Dan werk jy nie meer om te leef nie, dan leef jy later net om te

werk. Dan verloor die lewe vir jou sy sap en sy smaak en sy geur en jy is aldeur gejaagd en geïrriteerd en angstig.

### Die lewe bestaan nie uit ’n oorvloed van besittings nie

Die eenvoudige feit is dat die lewe uit meer as kos, klere en geld bestaan. As die lewe vir jou net uit hierdie dinge bestaan, dan mis jy beslis die belangrikste – jy mis die God en Vader uit wie se hand al hierdie dinge kom asook eindeloos meer as wat jy ooit kan dink of begeer. Kyk na die grootsheid van die son en die maan, kyk na die natuur om jou, dink oor dinge soos droogte en reën, siekte en gesondheid – wie reël dit en deur watter monetêre stelsel word dit onderhou?

Is dit nie eindeloos belangriker om in God se guns te wees as om jouself soos ’n sot wys te maak dat jy met ’n paar stukkies goud en silwer vir jouself die wonderlikste lewe hier op aarde kan skep en onderhou nie? Dit is beslis nie verniet nie dat die Here die gelykenis vertel van die ryk dwaas en daarby uitdruklik waarsku:

> ***Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie* (Lk. 12:15).**

Is dit nie waar dat in daardie tye in jou lewe toe jy gesukkel en gewonder het hoe jy die punte bymekaar gaan uitbring, jy toe nader aan God geleef het as in die tye dat dit oënskynlik goed met jou gegaan het nie? Is dit nie waar dat die beheptheid met materiële dinge jou in werklikheid geestelik laat verarm en agteruitgaan nie?

Kyk na die rykstes onder die rykes op aarde en sê eerlik of jy bereid is om dit wat jy in Christus het, daarvoor te verruil? Is dit so dat hoe meer besittings jy het, hoe gelukkiger en hoe meer ontspanne is jy? Of is dit eerder die geval hier op aarde waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel dat hoe meer jy het, hoe meer het jy om jou oor te bekommer en oor wakker te lê.

> ***Want die geldgierigheid is ’n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer het, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor* (1 Tim. 6:10).**

### ’n Baie groot wins

*Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is ’n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees* (1 Tim. 6:6-8).

Al het jy ook ’n hotel vol beddens, kan jy net op een van hulle op ’n slag slaap. Al het jy ook ’n vloot voertuie, het jy in werklikheid net een op ’n slag nodig om mee oor die weg te kom.

Soberheid, doodgewone soberheid; dit is wat nodig is. Daar is ’n wêreldse verskil tussen oordeelkundige besteding en spandabelrige spandering of verkwisting. Hoeveel dinge het jy en wat begeer jy ook nog waarsonder jy eintlik nie oor die weg kan kom nie? Is jy iemand wat nooit genoeg kan hê nie, al verdien jy ook wat? Paulus noem sulke mense diewe. Volgens hom hou jy eers op om “dief” te wees wanneer jy jou dinge so reël en beplan dat jy ook iets oor het vir ander mense se behoeftes (vgl. Efés. 4:28).

Eers dan behaag jy die Here. Eers dan bewys jy aan jouself en Hom dat jy waardeer wat jy van Hom ontvang. Ons Vader in die hemel is inderdaad in staat om vir sy kinders te sorg en vir een en elkeen van hulle te gee baie meer as wat ons ooit kan bid of dink.

Jy bring nie jou offers na die Here se huis of deel iets mee vir die behoefte van jou naaste omdat die Here jou geld nodig het nie, maar om sy hart bly te maak omdat jy as geliefde kind graag soos jou Vader wil wees, want:

> ***Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader ...* (Jak. 1:17).**

Bowendien laat jy daardeur blyk dat jy jou Vader se hart goed genoeg ken om te weet: *God het ’n blymoedige gewer lief* (2 Kor. 9:7).

### Slot

Minstens laat jy ook daardeur blyk dat jy nie ’n slaaf is nie, dat jy bevry is, nie ’n ellendige mammoniet is nie! Die Rabbi daar op die berg gee immers die reine en ondubbelsinnige versekering: *Julle kan nie God én Mammon dien nie.*

1. Uit: *Die Rabbi op die berg* (redaksioneel verkort).



# Roepingsbewustheid en my loopbaankeuse

**Flip Buys**[1]

**Die Here God het elke mens met 'n bepaalde doel vir sy of haar lewe geskape. Hy wys vir elkeen sy eie werk aan wat vir hom of haar uitgekies is. Dit mag soms lyk of mense self besluit watter beroep hulle moet volg, maar alles gebeur volgens sy beskikking. Hy gee die aanleg, talent en belangstelling wat die mens se keuses dryf.**

Die mensdom het dit nie altyd so gesien nie. Die middeleeuse Christendom het voor die Protestantse Hervorming roeping net as iets geestelik gesien, naamlik om gelowig te wees. Daar was 'n onderskeid tussen geestelikes mét 'n roeping en leke sonder 'n roeping. Die Hervorming het hierdie siening heeltemal omgekeer. Martin Luther het gesê dat God nie mense uít die wêreld na kloosters roep nie, maar juis ín die wêreld in om vir Christus te leef. God roep dus nie net geestelikes nie, maar almal – elke mens. Alle werk, alle diens, bied die geleentheid tot geestelike diens aan God en die naaste. Die een mens se werk is dus nie "hoër" as die ander s'n nie. Almal is nodig en almal is waardig voor Hom wat hulle geroep het. Hierdie "gawestelsel" waar elkeen sy gawes aanwend ter aanvulling van die gawes waarmee sy medegelowige arbei, is die Bybelse alternatief vir die klassestelsel.

Die Christen se roeping as gelowige en sy roeping met betrekking tot sy beroep, kan wel onderskei, maar nie geskei word nie. Hierdie antwoord van die Hervormers moes 'n bevrydende antwoord aan die gelowiges van daardie tyd gewees het. Hulle het destyds 'n spanning beleef tussen 'n "ware" roeping as geestelike, en 'n "gewone" werk, wat deur die destydse Rooms-Katolieke Kerk nie as 'n roeping gesien is nie. Gelowiges hoef nou nie meer hul normale lewe agter te laat en hulleself aan die samelewing te onttrek ten einde God se roepstem te gehoorsaam nie. Geroepe mense wat hulle werk getrou doen, neem deel aan God se voortgaande skepping en behaag God só met hul werk. Anders gestel, die almag van God vloei deur die roepings van gewone gelowiges. Op hierdie wyse word roepingsbewuste gelowiges diensknegte van God en hul medemens, én medewerkers en instumente waarmee die Here sy werk in die wêreld doen. Beroepsarbeid is dus gehoorsaamheid aan God se wil. 1 Korinthiërs 7:17a lui: *Maar elkeen moet wandel net soos God hom dit toebedeel het, soos die Here elkeen geroep het.* Die Psalmdigter bid in Psalm 90:17 die seën van God oor die mens se werk af: *Laat die lieflikheid van die* H*ERE onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!*

## Werksetiek

Die Hervormers het met die ontwikkeling van die Prostestantse werksetiek onder meer uit Kolossense 3:23-24 geput:

> *En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.*

Die Duitse denker, Max Weber, het die ekonomiese sukses van die Protestantse Weste veral aan die Calvinistiese werksetiek toegeskryf, wat hy beskryf het as "leef om te werk, en nie net werk om te leef nie".[2]

Totius het geskryf dat die woord "roeping" soos krygsmusiek in die ore van die gereformeerde belyer klink. Krygsmusiek dien om die stryder in ’n opgewekte en strydlustige stemming te bring of om hom, as hy moeg en moedeloos is, tot hernude "aanval" aan te wakker. "U is geroep, u is ’n geroepene, dit was onder ons vaders en ook onder ons altyd die klanke waarmee hulle mekaar aangevuur het om met vrolike moed verder te gaan."

Daarom was die spreekwoord *ora et labora* (bid en werk), sprekend van Christene se siening. Die wagwoord was om te bid in die wete dat alles van God afhang en daarna te werk asof alles van jouself afhang. Die keuse tussen bid en werk is dus as ’n valse keuse afgewys. Arbeid is gevolglik vrye en vreugdevolle naastediens, dit was die blydskap van vrye mense wat in gehoorsaamheid aan God hul naaste met hulle werk kon dien, ongeag die stand of beroep waarin hulle hulself bevind het.

Die arbeider is sy loon werd, maar die loon is die gevolg van sy arbeid en nie die rede daarvoor nie. Geldelike vooruitgang mag dus nie ’n doel op sigself word nie, maar mag die gevolg van roepingsgetrouheid wees. Toegewyde roepingsvervulling het so die sluitsteen van die Protestantse werksetiek geword.

## Beroepsbewustheid

Dit lyk soms of beroepsbewustheid besig is om roepingsbewustheid te vervang as dryfkrag van talle mense wat nie meer God en naaste deur hul arbeid wil dien nie, maar wat eerder hulleself en hul eie belange daardeur wil dien. Werk, as metode om jou naaste te dien, het dus die doel op sigself geword. Daarmee het die gevaar ontstaan dat roepingsbewustheid in ’n sekulêre wêreld met beroepsbewustheid verplaas word.

In die praktyk maak mense se werk die grootste deel van hulle lewens uit en die wel en weë van die werkslewe raak ook hul lewens ten diepste. Werk bepaal mense se lewenstandaard, emosionele welstand, huislike lewens en hul vriende en waardes. Mense se beroepe bepaal al meer hulle identiteit en selfwaarde, en nie meer hul roepingsgetrouheid nie. Daarom is dit nie verbasend dat Jim Clifton van *Gallup* bevind het dat die mens se grootste behoefte in die lewe ’n "goeie werk" is nie.

Die noue verband tussen roeping en beroep bring vanselfsprekend vrae by die gelowige werklose wat kan wonder oor die gebrek aan kanse om sy/haar roeping uit te leef. Die gevaar is dat werkloosheid as roepingsloosheid beleef kan word, gevolg deur betekenisloosheid en uiteindelik selfs waardeloosheid. Dieselfde geld vir mense wat vanweë die regering se rassewette nie hulle roepings mag uitleef nie en ander beroepe moet beoefen om die pot aan die kook te hou. Hulle mag voel dat dit nodig is om byvoorbeeld hul roepings as ouers na te kom om vir hul gesinne te sorg, maar dat hulle terselfdertyd weens faktore buite hul beheer, hulle lewensroepings mis. Daarom mag Christene nie sommer net aanvaar dat wette hulle beroepe en loopbaankeuses bepaal nie. Die "wet" is nie noodwendig die "reg" nie. Die kerk het ’n besondere rol en taak om hier leiding aan haar lidmate te gee en teenoor die owerhede te getuig.

## Roeping

Onderwys- en opleidingsinstellings soos skole, kolleges en universiteite het ’n belangrike roeping om jongmense vir hulle roepings voor te berei. ’n Goeie kwalifikasie by ’n goeie universiteit kan wel die kanse op ’n goeie werk verbeter, maar ’n universiteit wat sy studente vir hul roepings toerus, verseker ’n goeie loopbaan, wat selfs ’n "snelweg" na sukses kan word.

> **Daar mag dus nie net ’n noue fokus op onderwys en opleiding wees nie, hoe belangrik dit ook al mag wees. Daar moet veral aandag aan Christelike opvoeding en karaktervorming gegee word, omdat dit op die duur bepalend vir roepingsvervulling kan wees.**

Ten slotte, die kerk moet met haar lidmate oor hul roepings, beroepe, werk en loopbane praat en leiding gee. Die taal van roeping word nie meer genoeg gehoor nie, wat nog van roepingsgetrouheid! Gelowiges moet vandag nog in ons komplekse ekonomie en moderne samelewing met al sy uitdagings hulle werk en beroepsarbeid as hul roeping van Godsweë af beskou. Daarom behoort elke gelowige van jongs af oor hulle besondere roeping en beroep te bid en die Here daaroor aan te roep.

1. Voorsitter, Solidariteit.
2. https://bit.ly/44ztQkI



# Hoe kies ek 'n skool vir my kind?

**Lucia van Wyk**[1]

Verbondsouers belowe met die doop van 'n kind om die verbondskind na die beste van hul vermoë in die Bybelse leer "te onderrig en te laat onderrig". Met hierdie belofte in gedagte, moet verbondsouers 'n skool kies wat 'n ware verlengstuk van die opvoeding wat hulle by die huis aan die kind gee, sal wees. Elke ouer wil net die beste vir sy kind hê. Die keuse van 'n skool is 'n baie belangrike en verantwoordelike saak. Die beste skool is nie noodwendig meer die naaste skool aan die ouerhuis nie.

Theodore Roosevelt het by geleentheid gesê om 'n man net in kennis op te voed en nie in sedes nie, is om 'n bedreiging vir die samelewing op te voed. Daar bestaan nie iets soos neutrale onderwys nie.

## Om te leer by ware leermeesters

Volgens die *HAT* is 'n skool 'n inrigting waar onderwys gegee word. Dit is 'n plek waar 'n mens die geleentheid het om iets te kan leer en waar jy gevorm word. Dit is 'n plek waar 'n leier op 'n gebied rigting aandui vir volgelinge wat die leiding volg. 'n Skool moet dus 'n plek wees waar kinders gevorm, geleer en voorberei word om hul plek in die samelewing vol te staan. Die kind se morele, etiese, fisiese, geestelike en akademiese ontwikkeling moet aandag kry. Tegnieke en vaardighede moet aangeleer, ingeoefen en bemeester word. Dit impliseer dat ervare kundiges, dus goeie onderwysers, inligting aan kinders moet kan oordra om hulle te oefen om in die werklike lewe hul plek met selfvertroue vol te staan. Die skoolhoof en onderwysers moet gevolglik hul plek in die samelewing volstaan enersyds as betrokke gelowiges wat hul afhanklikheid van die Here besef, en andersyds ook as dankbare mense wat tot eer van die Here hul roeping vervul om verbondskinders voor te berei en vir die lewe toe te rus.

## Om te leer in dierb're moedertaal

Taal in die skool is nie net 'n kommunikasiemiddel nie. Dit verteenwoordig 'n rykdom aan kultuurgoedere en is draer van identiteit en waardes. Taal fasiliteer ons intellektuele en kulturele interaksies met ander mense. Volgens Theo du Plessis,[2] direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging (ETFB) aan die Universiteit van die Vrystaat, het kinders hul moedertaal nodig om kognitiewe ontwikkeling te verseker. Hy sê 'n té vroeë oorskakeling na 'n onderrigmedium wat nie die moedertaal is nie, sonder die behoud daarvan in die onderwyssituasie, katastrofiese gevolge vir die kognitiewe ontwikkeling van sulke kinders kan hê. Hulle kan dan uiteindelik intellektueel en akademies gesproke nie kers vashou by kinders wat die voorreg van langdurige moedertaalonderrig geniet het nie. As die taal wat jy tuis hoor, ooreenstem met die een waarin jy geletterdheid ontwikkel, met ander woorde, leer lees en leer skryf, dra dit beslis by tot beter prestasie. As die taal wat jy hoor met die klanke wat jy op papier sien, ooreenstem, gaan jy vinniger leer. Nasionale en internasionale navorsing het bewys dat moedertaalonderrig vir ten minste die eerste ses jaar van 'n kind se lewe, beslis leer bevorder. Die Franse taalkundige, André Martinet,[3] het opgemerk dat moedertaal "die taal is waardeur 'n mens tot 'n begrip van die wêreld kom". Moedertaalonderrig is een van die redes waarom Afrikaanssprekende leerlinge aan Afrikaanse skole steeds volhoubaar presteer en in die wêreld uitstyg.

## Om te leer volgens Christelike waardes

Die mens is 'n waardewese en waardes word deur religieuse vertrekpunte voortgestuur om deur 'n wêreldbeskouing wat daaruit voortvloei, gerig en "ingekleur" te word. Vir Christene is die uitgangspunt skepping, sondeval, verlossing en herstel. Waardes kan nooit werklik

lewensbeskoulik neutraal wees nie en enige waarde-oriëntering sal altyd religieuse ondertone bevat.

Die oorsprong van die woord "waardes" (Latyn: *valere*), beteken om sterk en kragtig te wees, terwyl dit in 'n Franse konteks verwys na iets wat die moeite werd is om na te streef of om voor te leef. Volgens Beckmann[4] beteken waardes "dit wat werklik waardevol is, wat nastrewenswaardig is en wat die lewe regtig die moeite werd maak". Volgens Gouws[5] dui die woord "waarde" op 'n gesindheid waardeur 'n persoon of 'n groep se voorkeure en gedrag gerig word; die mate van voortreflikheid, bruikbaarheid of deugde wat aan 'n objek of persoon toegeskryf kan word. Waardes dien as riglyne vir beginsels en as standaarde vir die beoordeling van gedrag en gebeure rondom die groep (insluitend individue) ten opsigte van die uitdrukking van houdings en die identifisering van rasionale handelinge. Die mens se beginsels rig dus sy waardes. Wanneer 'n waarde toegeëien word, word dit op een of ander wyse in 'n geordende stelsel geïntegreer. Die waardes word dus spontaan in orde van belangrikheid gerangskik. Hierdie stel waardes wat deur die individu of groep gehuldig word en bewustelike of onbewustelike gedrag rig, vorm die persoon se waardestelsel.

In 'n oomblik wanneer 'n individu met die werklikheid waarop hy/sy moet reageer, gekonfronteer word, plaas waardes 'n noodsaaklikheid op die persoon om op 'n spesifieke manier op te tree. Die manier van optrede is die moeite werd om na te streef of om voor te leef. Die individu beskou hierdie waardes as die moeite werd om te beskerm, te eerbiedig en te bewaar, aldus Nieuwenhuis.[6] Waardes het geestelike en emosionele waarde en betekenis. Elke individu het waardes en soek 'n gemeenskap en organisasie met dieselfde waardes op. Waardes dui rigting aan, skep sekere grense, dui aan wat mense behoort te doen (onderskei tussen reg en verkeerd, waar of vals, goed of sleg), leer 'n mens wat ware wysheid is. Waardes gee insig oor wat reg is en motiveer die mens om gehoorsaam te wees en daarvolgens te lewe.

Vir Christenouers sal die oordra van waardes gegrond word op die besef dat die mens 'n beelddraer van God is. Die nadruk op 'n eties en moreel aanvaarbare lewenswyse word dus gerig vanuit die besef dat die mens se lewe in ooreenstemming met die bedoeling van die Skepper moet wees. Alhoewel die oordra van morele waardes of die beoefening van etiese gedrag nie sonder meer met godsdiensbeoefening of met bepaalde godsdienstige opvattings gelykgestel kan word nie, bestaan daar verwantskappe. Religieuse waardes impliseer dat iemand se gedragswyse deur die besef dat sy lewe aan 'n hoër mag ondergeskik is, gerig word. Vir die Christengelowige impliseer hierdie besef die uitlewing van Skrifbegronde riglyne en die erkenning van die Bybel se reëls en waardes.

Ons aanvaar te maklik dat waardes iets is wat by die huis geleer word en verder outomaties "geweet" word, terwyl dit in wese vaardighede is wat kinders moet aanleer soos enige iets anders wat hulle moet leer. Wanneer na menslike gedrag gekyk word, ontstaan daar 'n klomp vrae oor waarom mense optree soos hulle optree. Waarom sal een mens op 'n sekere manier optree en 'n ander heeltemal teenoorgesteld? Selfs in een gesin sal twee kinders soms heeltemal verskillend optree. Dit laat die vraag ontstaan of onderwys, nee, eintlik opvoeding, suksesvol is of was, want die vrae hou ten diepste verband met waardes, want waardes bepaal 'n individu se optrede. Dit is dus 'n leefwyse wat tot verantwoordelike besluitneming lei.

Volgens Chris Jones[7] is een van die moontlike redes vir gebrek aan waardes ook dat ouers die kweek van waardes "uitkontrakteer" en die skool alleen daarvoor verantwoordelik maak, terwyl die skool 'n verlengstuk van die ouerhuis moet wees. Die uitdaging kom as die skool nie dieselfde waardes as in die ouerhuis uitleef en beoefen nie.

Ouers het dus 'n baie groot verantwoordelikheid om die regte skool vir hul kinders te kies. 'n Skool wat in alle opsigte 'n ware verlengstuk van die ouerhuis is en sal wees.

---

1. Uitvoerende Hoof, Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys.
2. https://bit.ly/3wrvMzm
3. C. Viljoen, "Terugkeer na moedertaalonderrig?" in Litnet: Universiteitseminaar (20 September 2016).
4. J. Beckmann en J. Nieuwenhuis, "Die Onderwysmanifes oor waardes en demokrasie in die onderwys: 'n fundering of flirtasie met waardes?" in *South African Journal of Education* 24(1).
5. L.A. Gouws, et al., *Psigologiese Woordeboek*, tweede uitgawe (Johannesburg: McGraw-Hill, 1986).
6. J. Beckmann en J. Nieuwenhuis, "Die Onderwysmanifes oor waardes en demokrasie in die onderwys ..."
7. G. Yoko, "Integrasie van Bybelse beginsels in onderwys," in *JUIG*! Tydskrif (9 September 2023).



# Is die keuse van 'n universiteit belangrik?

**Prof. Gerrit Smit**[1]

"Wat wil jy word as jy groot is?" is seker een van die vrae wat jongmense die meeste hoor. Vandag word veronderstel dat 'n mens universiteit toe moet gaan as jy werk wil kry.[2] As universiteitsopleiding wel vir jou moontlik is, of deur die beroep wat jy wil volg vereis word, is dit enigsins belangrik watter universiteit jy kies?

In 1997 het die Suid-Afrikaanse Hoër Onderwys (met ander woorde: universiteite in Suid-Afrika) drasties verander met die inwerkingtreding van die Wet op Hoër Onderwys.[3] Hierdie wet maak voorsiening dat privaat instellings as hoëronderwysinstellings kan registreer, op grond waarvan instellings soos die AP Akademie as privaat "universiteit" geregistreer is.[4]

## Wat is 'n universiteit?

Die woord "universiteit" is afgelei van 'n Latynse woord *universitas* wat geheel/volledig/eensgesind beteken. Die woord verwys oorspronklik na 'n samelewing of leergemeenskap wat eendersdenkend is oor 'n saak, of eensgesind is oor 'n spesifieke aspek van die wetenskap. Eens op 'n tyd was dit waar dat groot universiteite 'n gemeenskaplike doel of visie gehad het en dat almal wat deel van daardie universiteit word, in die gemeenskaplike doel of visie ingelyf en opgevoed word.

Vir eeue is opleiding in die Weste deur teologiese skole onderneem, soos dié by Konstantinopel, óf Aleksandrië of Antiochië, en vir baie eeue daarna voortgesit by kloosters, kerkskole en universiteite wat vanuit die kerke ontstaan het. Die wortels van die meeste bekende universiteite in Europa (bv. Oxford, Harvard en Cambridge) lê by die Christelike kerke. Oxford het byvoorbeeld reeds in 1096 ontstaan. In die Middeleeue is hierdie tendens voortgesit, naamlik dat kerke universiteite stig. Kerke was gevolglik die oorspronklike draers van die moderne wetenskapsleer en die Christendom het universiteitswese aan die Westerse beskawing oorgelewer.[5]

'n Mens kon nie anders verwag as dat gereformeerde kerke ná die Reformasie oral oor die wêreld heen met teologiese opleiding sou begin nie en waar teologiese opleiding aangebied is, het dit die grond voorberei vir ander fakulteite van die moderne wetenskap om uit te kring.
Selfs in Suid-Afrika kan al die bekende, tradisionele Afrikaanse openbare universiteite se wortels teruggevoer word na die vestiging van 'n teologiese fakulteit.

Samevattend kan dus afgelei word dat die oorspronklike ontstaan van universiteite 'n gemeenskaplike opleidingsdoel gehad het, gebaseer op 'n gemeenskaplike ooreenkoms of grondslag.

## Die ironie: moderne "universiteite" is eintlik "multiversiteite"

In sy werk, *Conceiving the Christian College*,[6] verwys Duane Litfin na die ironiese gebruik van die woord "universiteit" in ons tyd. Hy haal Clark Kerr[7] aan wat reeds in 1963 tydens die aanbied van die Godkin Lectures by die Harvard Universiteit, na moderne openbare universiteite as "multiversiteite" verwys het. Kerr sê: "Die mooi wêreld [van Westerse Christelike universiteite] is uitmekaargeruk"[8] en in die plek daarvan het filosowe en wetenskaplikes meegewerk aan die ontstaan van "multiversiteite". Die woordjie "multi" verwys na baie. Hiermee bedoel Kerr dat universiteite in ons tyd nie meer eenstemmig oor die wetenskap is nie, selfs nie eens meer oor die vertrekpunte wat die wetenskap moet neem nie. Pluralisme en verdeeldheid word in die naam van wetenskap bedryf. In multiversiteite word enige standpunt aanvaar, solank jy dit wetenskaplik kan verdedig. Klassieke deugde soos waarheid, skoonheid en goedheid word maar net nog iemand se mening en as iemand durf om 'n standpunt as

"waar" te beskou, word vinnig gesê dat so iemand in die pad van "akademiese vryheid" staan. Onder die vaandel van sogenaamde akademiese vryheid, kan wetenskaplikes vandag die bestaan van God, die waarheid van die Bybel, die ontstaan van die skepping, sosiale norme, waardes en deugde afsweer, sonder enige gevolge of vrees vir vervolging. Hedendaagse openbare universiteite is dus nie meer *uni*versiteite nie, maar *multi*versiteite.

### Waar is ons kinders tuis?

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Christenjongmense en hul ouers 'n alternatief moet soek en nie tevrede moet wees met 'n versplinterde multiversiteit wat die naam van 'n universiteit dra, maar so pluralisties is dat geen waarheid as grondslag en vertrekpunt aanvaar word nie. Ons moet natuurlik erken dat daar tans nie in al die verskillende studierigtings privaat Christelike instellings is wat sekere gesogte kursusse aanbied nie – ten minste nog nie! Die ideaal is dat daar vir elke wetenskapsveld wat by openbare universiteite aangebied word, mettertyd ook 'n privaat Christelike alternatief vir ons kinders moet kom. Daar is egter reeds baie moontlikhede wat deur privaat instellings in Suid-Afrika en selfs in die buiteland aangebied word.

Wat ons as Christene moet besef, is dat die grondslag van 'n universiteit 'n groot invloed het op die inhoud van die leerplan wat gevolg word, die uitkomste van die kurrikulum en die produk wat vir die arbeidsmark gelewer word. Ons moet dus nie te verbaas wees as ons kinders deur die openbare skole gaan, daarna by openbare universiteite studeer en langs die pad hul geloof in die Bybel, God en die kerk verloor nie, want ongeloof is endemies aan 'n multiversiteit.

### Wat 'n universiteit behoort te wees

In die werk waarna reeds verwys is, praat Litfin van die ideale universiteit, geskik vir Christenkinders, as 'n instelling met 'n openbare, duidelik geformuleerde Christelike grondslag wat op die kultuuropdrag gebaseer is (vgl. Gén. 2:28).[9] Dit leer dat 'n mens niks meer uit die natuur moet neem as wat nodig is nie en dat ons aan God rekenskap sal gee van hoe ons kultuur ontwikkel en kultuurprodukte omskep. 'n Christelike universiteit behoort dus 'n plek te wees waar wetenskap met 'n gemeenskaplike doel voor oë beoefen word. Of ons besig is met teologie, wiskunde, geografie, rekenaarwese, argitektuur of ingenieurswese, ons doen alles tot eer van God: *Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is* (Deut. 10:14).

### Is die keuse van 'n universiteit net 'n akademiese oefening?

Om 'n universiteit te kies, gaan oor meer as die salaris wat eendag verwag kan word, of toelatingspunte, of universiteitsvrystelling. 'n Universiteit gaan oor meer as om keuring te kry, aansoek te doen vir beurse, lenings en koshuise. Om 'n universiteit te kies, raak aan die grondslag van Christenwees, naamlik: Kan ons God vereer deur die beroep wat ons kies en kan ons as Christene ons vereenselwig met die grondslag, standaarde en uitkomste van die universiteit wat ons kies? As verbondsouers het ons 'n verbondsbelofte afgelê dat ons ons kinders ooreenkomstig God se Woord sal opvoed en laat opvoed.[10] Die keuse van 'n universiteit kan dus nie net 'n akademiese oefening wees nie.

### Alles is Myne, waar ook al!

Dit is uiteraard nie 'n sonde om ons kinders na openbare universiteite te stuur nie, veral omdat daar nie vir elke studierigting 'n privaat alternatief is nie. Dit is bekend dat Abraham Kuyper gesê het dat daar geen duimbreedte van ons skepping is waaroor Christus nie roep: "Myne!" nie.[11] Ons kán God eer deur ons geloof by 'n openbare universiteit uit te leef. Ons moet egter in gedagte hou dat daar in die leerplan by openbare universiteite baie dinge geleer word wat in stryd met ons Christelike geloof en -belydenis is. Ons moet ons kinders daarop voorberei en waar moontlik, 'n privaat Christelike instelling oorweeg wanneer ons 'n universiteit moet kies.

---

1. Rektor, Afrikaanse Protestantse Akademie.
2. Elders in hierdie uitgawe, word die moontlikheid om 'n ambag te volg as 'n jongmens nie universiteit toe wil, of kan gaan nie, as 'n edele alternatief voorgehou (bl. 16).
3. Hoër Onderwyswet, Wet 101 van 1997.
4. Verwysing na artikel oor die APA.
5. Lees gerus in dié verband: J. Hill, *What Has Christianity Ever Done for Us? How It Shaped the Modern World* (Grand Rapids: IVP Academic, 2005).
6. D. Litfin, *Conceiving the Christian College* (Grand Rapids: Eerdmans Publishing, 2004).
7. Litfin, *Conceiving the Christian College* (Kindle), 243.
8. Litfin, *Conceiving the Christian College* (Kindle), 248.
9. Litfin, *Conceiving the Christian College* (Kindle), 1955.
10. Vergelyk die formulier vir die bediening van die doop aan kinders van gelowige ouers.
11. Uit Abraham Kuyper se intreerede by die stigting van die Vrije Universiteit Amsterdam, in: J.D. Bratt, *A Centennial Reader* (Grand Rapids: Eerdmans, 1998), 488.

# WERK IN AMERIKA:
# Pietman Oosthuizen en David du Plessis

Weens die talle uitdagings in Suid-Afrika, soek baie jongmense na werkgeleenthede in die buiteland. Dit hou egter sy eie uitdagings in. Ons het met twee jongmense hieroor gesels.

### Waarom het julle besluit om ná skool in Amerika te gaan werk?

**David:** Ná skool was ek doodseker dat ek ingenieur wou word. Ek het my studies aan die Universiteit van die Vrystaat, gedurende covid-tyd, begin. Dit was egter van korte duur, want ek het gou besef dat ingenieurswese glad nie vir my is nie. Ek is meer tegnies aangelê en wil met my hande in die buitelug werk.



*David du Plessis en Pietman Oosthuizen*

> Om in Amerika te gaan boer, was vir my die beste opsie, want watter beter manier is daar om 'n ander deel van die wêreld en 'n ander kultuur te leer ken?

**Pietman:** Ek het eers drie jaar ná skool die groot besluit geneem. Met die huidige wisselkoers is dit vir enige jongmens die moeite werd om dollars te verdien en vir rande te wissel. Die salarisse in Suid-Afrika weeg net nie op teen dit wat 'n mens in Amerika kan verdien nie, veral as jy wil boer en jou pa se plaas te klein is om twee gesinne te onderhou. Amerika is egter nie die alfa en omega nie. Jy is ver van jou mense, jou gemeenskap en jou kerk af. Dit leer 'n mens egter verantwoordelikheid, om hard te werk en dat niks sommer net in jou skoot gaan val nie.

### Hoe ervaar jy die Amerikaners?

**Pietman:** Dit is moeilik om te beskryf. Ek kan net praat van Amerikaners in die Middel-Weste (Illinois en Missouri), waar ek werksaam is. In hul politieke oortuigings is hulle baie konserwatief en regsgesind, maar in hul geloof baie liberaal. Die meeste mense, veral dié waarvoor ek werk, is goeie mense en hanteer jou altyd met respek.

> Hulle verstaan net nie Suid-Afrika en Afrika nie. Vir hulle is daar net een plek en dit is die VSA. Jou gemiddelde Amerikaner het nie 'n idee van wat in die wêreld rondom hom aangaan nie.

**Wat is vir jou die moeilikste daarvan om oorsee te werk?**

**David:** Om die eerste keer uit die huis uit te trek, glo ek, is vir almal 'n groot verandering, en nog 'n groter aanpassing as jy vir die eerste keer alleen oorsee moet gaan bly. Om my eie kos te moes maak en wasgoed te doen, is beslis nie maklik nie, maar was glad nie die moeilikste gewees nie.

> **Om spesiale tye saam met my familie en vriende mis te loop, is vir my die ergste – dinge soos familiebyeenkomste, troues of verjaarsdae.**

Ná 'n paar maande weg van die huis af, begin 'n mens baie verlang en selfs die dae aftel voordat jy weer kan terugvlieg. Om saam met ander Suid-Afrikaners te werk en te bly, help om dit draaglik te maak. 'n Mens besef nie altyd watter groot voorreg dit is om elke dag jou gesin te kan sien nie, totdat jy vir nege maande of selfs langer van hulle af weg is.

**Hoe het die ervaring jou gehelp om as persoon te ontwikkel en volwasse te raak?**

**Pietman:** Génesis 3:19 het in Amerika vir my 'n baie meer letterlike betekenis gekry: *In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien.* Hier is nie plaaswerkers om die werk te doen nie – jy is die plaaswerker! Harde werk het egter ook sy voordele. Die kennis en ervaring wat jy opdoen, kan met geen geld ter wêreld gekoop word nie. Met al jou mense wat ver is, besef jy vinnig wie en wat jy is en waarvoor jy ja en nee sal sê. Jou hele menswees hang menslikerwys gesproke skielik net van jouself af. Daar is niemand wat omgee oor jou of seker maak dat jy liggaamlik en geestelik versorg word nie. Jy moet maar self sien en kom klaar. Veral wanneer dit kom by godsdiens. Jy moet maar elke dag in jou binnekamer jou Afrikaanse Bybel oopslaan, anders is dit baie maklik om in 'n liberale godsdiens te verval. Dit is nie soos by die huis waar jy elke Sondag in 'n Protestantse gemeente, waar jy tuis en geborge voel, onder die geklank van die Woord kom nie.

**Julle werk baie lang ure. Kry julle kans om kerk toe te gaan en wat doen julle om steeds geestelik te groei?**

**David:** 'n Sondag is vir die meeste Amerikaners net nog 'n werksdag. Die kere wat hulle op 'n Sondag gewerk het, het hulle my verskoon. Ek het nie 'n kerk gehad waarby ek kon inskakel nie, maar ek het wel elke Sondag na ons kerkdienste in Bloemfontein oor die internet geluister. Om na eredienste op jou selfoon te luister, is egter baie moeiliker, maar dit help baie as jy so ver weg is. Om elke Sondag na jou eie kerk te kan gaan, is beslis 'n groot voorreg wat baie mense net as vanselfsprekend aanvaar. Om sterk te staan in jou geloof, is baie moeiliker as jy tussen mense is wat anders as jy glo, maar dit gee jou die geleentheid om die Woord van God te verkondig en ander nader aan God te lei. Op dae wanneer ons lang ure werk en eers laat by die huis aankom, maak ek steeds tyd vir Bybelstudie sodat my geestelike groei nie afgeskeep word nie.

**Wat beplan julle om te doen wanneer julle permanent terug is?**

**David:** Die einde van 2023 het ek gedink dit gaan my laaste jaar in Amerika wees. Tydens my tyd by die huis het ek van besluit verander en is nou weer op pad terug Amerika toe. Ek kan nie vir seker sê wanneer ek permanent terug gaan wees nie. Ek is ook nie seker wat ek gaan doen as ek terug is nie, maar gelukkig is daar baie tyd om daaroor te dink terwyl ek op die trekkers in Amerika rondry. Al is die toekoms onseker, glo ek God sal my lei.

**Pietman:** Amerika is vir my net 'n tydelike uitkoms. Dit finansier op hierdie stadium my beesboerdery in Suid-Afrika. Wanneer ek, soos die Here dit wil hê, uiteindelik permanent terug is, is die plan om saam met my pa te boer.

> **Niemand van ons weet wat die toekoms inhou nie, maar ons moet glo en vertrou dat dit wat ons nou doen, vrugte sal afwerp en ons eendag weer in die land van melk en heuning die son sal sien opkom.**



# Loopbaankeuse: Hoe help ek my kind?

**Maretha Lubbe**[1]

**Om 'n loopbaan te kies, is baie opwindend, maar saam met die keuse kom sekere verantwoordelikhede. Natuurlik is dit ook 'n taak wat vir baie jongmense onsekerheid inhou en daarom is dit belangrik dat ouers weet dat hulle 'n belangrike rol speel om kinders te help met die uitoefen van hul keuses.**

Loopbaankeuses begin met die insameling van inligting en daar is verskeie hulpbronne waarvan ouers en jongmense kennis moet neem. Tog sluit die keuse van 'n beroep meer as net die insameling van inligting in. Daar is 'n dieper vlak waarvan ouers bewus moet wees: die vermoë en persoonlikheid van hul kind. Dit vra om 'n bewustheid van wat die kind regtig kan en wil doen, nie net wat die skool of die samelewing dink nie. Voorts word 'n suksesvolle loopbaan nie noodwendig aan 'n universiteitskwalifikasie gekoppel nie; daar is verskeie opsies vir elkeen se unieke pad. Bowenal is daar die geestelike dimensie:

**Ouers en jongmense moet bid vir leiding en wysheid in hierdie proses. Dit is nie net 'n vraag van watter beroep om te kies nie, maar eerder hoe om 'n lewe te lei wat God verheerlik.**

## Inligting

Die eerste stap in die proses om jou kind met 'n loopbaankeuse te help, is die insamel van inligting. Inligting neem onsekerheid weg en rus jou as ouer toe om jou kind te help om reeds gedurende sy graad 9-jaar keuses uit te oefen. Wanneer 'n kind in graad 9 vakke kies, behoort die vakke reeds met 'n groter doelwit in gedagte gekies te word.

Daar is verskeie plekke waar ouers om hulp kan aanklop, onder andere by sielkundiges wat psigometriese toetse afneem en loopbaanbegeleiding gee. Ouers kan ook van verskillende instansies se prospektusse gebruik maak. 'n Prospektus is 'n dokument wat opleidingsinstansies gebruik om kursusse met die kursusvereistes aan voornemende studente bekend te stel. Hierdie prospektusse is vrylik op die internet beskikbaar. Gewoonlik sal die opleidingsinstansies hierdie dokument op hul webwerf verskaf.

## Ken jou kind se vermoë

"As jou kind nie rose kan pluk nie, maak dan van hom die beste magrietjieplukker wat daar is." Hierdie is iets wat my ma heel dikwels aan ons gesê het. Haar missie was om die heel beste "plukkers" die wêreld in te stuur.

Die beeld van 'n roos- en magrietjieplukker illustreer iets van ouers se beheptheid dat hul kinders sekere doelwitte in die beroepswêreld moet bereik, dat hulle nie hul kinders se vermoëns in ag neem nie. Om jou kind se vermoë te ken, begin reeds in graad 9 wanneer kinders vakke kies. Ouers moet versigtig wees om hulle kinders te dwing om vakke te neem wat nie binne hul vermoë is nie. Die gevolg is dikwels dat die kind dan nie presteer nie en soos 'n mislukking voel. As jou kind egter vakke neem wat binne sy vermoë is, lei dit dikwels daartoe dat die kind presteer. Dit gee enige kind selfvertroue.

Die ander kant van die munt is dat ouers nie hul kinders se vermoëns wil onderskat nie. Dit is natuurlik so dat daar begaafde kinders is met die vermoë om goed te presteer in vakke wat tradisioneel as moeilik beskryf kan word.

**Die beste raad wat ek vir ouers in die verband het, is om hulleself te laat lei deur die kind se huidige prestasie, wat dikwels 'n aanduiding van toekomstige prestasie is.**

## Persoonlikheid

Om ’n loopbaan te kies, is geen maklike taak nie. Behalwe vir ’n persoon se belangstelling, vermoë en beskikbare geleenthede, is daar ook die kwessie van persoonlikheid. Hierdie is ’n komplekse saak, want dit is nie so eenvoudig soos “’n introvert moenie met mense werk nie” en “’n ekstrovert moenie alleen werk nie”. Introverte mag byvoorbeeld goeie onderwysers wees omdat hulle dikwels goeie luisteraars is, terwyl ekstroverte goeie onderwysers kan wees omdat hulle van groot groepe mense rondom hulle hou. Persoonlikheid is nietemin iets wat ouers in ag moet neem wanneer hulle hul kinders help om loopbane te kies. Jou kind moet gemaklik wees in die tipe werksomgewing waarin hy of sy gaan werk en moet weet wat die moontlike uitdagings vir sy of haar persoonlikheid mag wees.

## Wat doen ek as my kind nie universteitsvrystelling het nie?

Daar is verskillende opsies wat oorweeg kan word. Aan die een kant kan ’n oorbruggingsprogram wat deur die meeste universiteite aangebied word, gevolg word. Dit duur gewoonlik ’n jaar en fokus daarop om ’n persoon sonder universiteitsvrystelling vir ’n universiteitsloopbaan toe te rus. Hou egter in gedagte dat indien jou kind nie universiteit toe wil gaan nie, daar ander (goeie) instansies en kursusse is om te oorweeg. ’n Voorbeeld hiervan is om met jou hande te werk (ambag) – ’n vaardigheid wat deesdae al skaarser word. Gaan kyk byvoorbeeld op die internet watter verskeidenheid kursusse daar in die ambagswese beskikbaar is. Hierdie is slegs een voorbeeld. Daar word verskillende sertifikate, diplomas en kort kursusse in elke veld aangebied, wat oorweeg kan word.

## Akkreditasie

Dit is belangrik dat ouers seker maak dat die sertifikaat, diploma, kursus, of watter ander opleiding ook al, wel geakkrediteer is. Akkreditasie beteken onder meer dat ’n kursus aan sekere standaarde voldoen. ’n Geakkrediteerde kursus word gewoonlik deur ander instellings wat dieselfde opleiding bied, erken. Universiteite in Suid-Afrika word byvoorbeeld by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer.

## Tot eer of tot oneer


Dit is belangrik om reeds van vroeg af vir jou kind te bid. Kinders moet reeds op ’n baie jong ouderdom loopbaankeuses maak waarvoor hulle nog nie noodwendig toegerus is nie. Bid vir die Here se leiding op die pad en dat die regte deure op die regte tyd sal oopgaan.

**Die Here het elkeen van ons met sekere gawes toegerus. Ons kan hierdie gawes tot eer of tot oneer van Hom gebruik.**

Dit maak nie werklik saak watter beroep ek kies of hoeveel geld ek verdien nie. Die vraag bly uiteindelik of my beroep, soos ook die res van my lewe, tot eer of tot oneer van God is.

Ouers, mag die keuse van ’n beroep vir jul kinders ’n bron van opwinding en verryking wees en mag julle as ouers jul kinders begelei tot ’n dieper begrip van hulleself en God se plan vir hul lewe. Mag ons ons kinders ondersteun met die praktiese insameling van inligting om sodoende met wysheid ’n besluit oor hul toekoms te neem. Maak gebruik van die hulpbronne wat beskikbaar is en vra kundiges se raad waar dit nodig is. God rus elkeen van ons met unieke gawes toe. Mag ons ook ons kinders lei om hierdie gawes tot eer van God en ons naaste te gebruik. ☺

1. Lidmaat van die AP Kerk Grootfontein (Tvl) en Bestuurder: Studentesake, Aros.


Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: R50**

In ons tyd is daar baie vrae oor huisbesoek: Is dit ’n opdrag van die Here? Is dit van nut vir die lidmaat sodat daar tyd daaraan afgestaan moet word? Indien wel, hoe lyk behoorlike huisbesoek? Tesame met ’n kort historiese oorsig oor huisbesoek, is dit van die vrae wat in hierdie bondige publikasie beantwoord word.

www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS



# Ek kan nie universiteit toe gaan nie – wat nou?

**Hannes Noëth**[1]

Natuurlik is dit belangrik dat elkeen wat wil studeer, kan studeer. Dit is ook die onderbou van Solidariteit se Helpende Hand Studietrust. As iemand wil studeer, moet ons so ver as moontlik help om dit moontlik te maak. Maar om te gaan studeer, is nie vir almal beskore nie. 'n Gesonde gemeenskap kan ook nie net uit gegradueerdes bestaan nie. 'n Verskeidenheid van gawes, vermoëns en kwaliteite, bring 'n holisties-gesonde gemeenskap na vore. Tog kan dit vir ouers en jongmense 'n reuseuitdaging wees as universiteitsopleiding nie 'n opsie is nie. Dit laat die vraag: Wat nou?

## Hou moed!

Die heel belangrikste is om nie toe te laat dat die hindernis om nie universiteit toe gaan nie, die vreugde, roeping en energie steel van dit wat jy steeds kan en wil bereik nie. In hierdie artikel word besin oor keuses vir jongmense en hulle ouers wat nie universiteit toe kan gaan nie. Die eerste en goue reël is: Moenie moed en hoop verloor nie! Daar is ander opsies en ander keuses. Wees wys, dink nugter, neem goeie en doelgerigte besluite en maak 'n sukses van die lewe wat die Here vir jou gegee het.

## Wees biddend!

Die Woord van die Here leer dat ons sy wil in alle omstandighede vra. Hoe mooi sug die Psalmdigter van Psalm 25:4 hierdie bede:

> *Here, maak my u weë bekend, leer my u paaie.*

Soos wat enige jongeling wat universiteit toe gaan, biddend sy/haar rigting voor die Here moet bring, so ook dié wat nie kan gaan studeer nie. Jy het 'n hele lewe voor jou. Kies dus wys en kom biddend voor God Drie-enig oor die pad wat Hy met jou lewe wil loop.

Jy kan nie universiteit toe gaan nie? Is daar dan ander opsies? Ja, natuurlik is daar ander opsies en ander planne. Oordink, bid, beplan en doen!

## Soek werk

Soms klink dit na die domste advies op aarde om vir iemand te gee. Begin werk: so spoedig en hard en getrou as moontlik. In praktyk is dit dikwels 'n goeie en 'n praktiese oplossing vir iemand wat nie kan gaan studeer nie. Begin so gou moontlik werk. Werk hard. Bou 'n CV wat getuig van jou integriteit en vermoëns en begin as jong werkende 'n naam bou as iemand wat hardwerkend is, 'n verskil maak en eerlik en noukeurig is in dit wat jy doen. Goeie advies hier is om nooit neer te kyk op enige werk nie, maar te aanvaar dat 'n gemeenskap alle vorme van werk vir elke samelewing nodig het. Inderdaad kan die een nie vir die ander sê: "ek het jou nie nodig nie" (vgl. 1 Kor. 12).

> **Dit geld nie net ten opsigte van geestlike gawes nie, maar ook die gawes wat ek na my leefwêreld bring.**

## Soek internskappe

Dikwels word 'n internskap 'n lewenslange beroep, óf 'n duidelike aanwysing waarom jy nie in daardie rigting verder wil of gaan werk nie. Daarom, soek vir jou internskappe binne jou belangstellingsveld, jou gawes en jou vermoëns uit. Baie maatskappye adverteer jaarliks vir nuwe internskappe en baie van hierdie internskappe hou ook mooi geleenthede en voordele in. In die Solidariteit-beweging, byvoorbeeld, is daar internskappe wat jaarliks aangebied word by die FAK, Solidariteit, Akademia en Afriforum, om enkeles te noem. Die meeste maatskappye wat internskappe aanbied, is goed georganiseer, sterk gestruktureer, het baie goeie inhoud en dien as 'n uitstekende leerskool vir die tyd van internskap. Die nadeel hiervan is dat jy van die begin af moet weet dat internskappe meestal baie sterk tydsgebonde

is. Dit is nie noodwendig jou langtermynplan nie. In jou internskap moet jy in die skadu leer van hulle wat meesters van hul werksterrein is, moet jy jou belangstellings toets en laat groei en as mens sterk ontwikkel.

**Maak seker dat jy nie in 'n maatskappy iewers misbruik word as goedkoop arbeid wat jou menswees skade doen nie. Dit is nie die bedoeling van 'n internskap nie.**

## Soek indiensopleiding

'n Volgende opsie is om in diens opgelei te word vir wat jy wil en kan doen op jou loopbaanpad. Dit sluit baie aan by die opsie om werk te soek, maar het so 'n stukkie ekstra wat toegevoeg word, naamlik dat jy in diens gevorm, geleer en toegerus word om spesifiek te doen wat jy in daardie spesifieke beroepsrigting moet doen. Jy moet wil leer en jy moet die vermoë hê om te kan doen wat van jou vereis word. Indiensopleiding het dikwels die waarde dat 'n werkgewer in jou belê en jou so goed moontlik wil toerus en jou so lank as moontlik wil hou. Daarom help dit om lojaliteit en opregtheid te toon.

## Soek gefokusde opleiding

Ja, almal kan nie gaan studeer nie, maar dit is tog moontlik om gefokusde opleiding te soek vir iemand wat nie matriekvrystelling het nie. Voorbeelde wat daagliks in praktyk voorkom, is opleiding in sekuriteitsberoepe, vurkhyserlisensies en skubaduikassistente.

Hierdie opsie sluit ook in dat 'n mens soms vaardigheids- of opheffingsprogramme volg.

Daar is ook meer formele opleidingsmoontlikhede. Om enkele voorbeelde te noem: By Solidariteit Helpende Hand se Opleidingsinstituut kan 'n mens met 'n graad 10-sertifikaat 'n kwalifikasie in versorging kry. By Bo-Karoo in Orania kan 'n mens met 'n graad 10-sertifikaat versorging of nutmanskwalifikasies doen (kort vaardigheidsprogramme). Ook in bou en siviele konstruksie laat Bo-Karoo persone bo 18 met 'n graad 10-kwalifikasie toe.

Soek! Daar is opsies in praktyk. By Sol-Tech word voorsiening gemaak vir leerders wat nie matriekvrystelling het nie (alhoewel matriekvrystelling verkies word). Indien leerders nie die regte vakkeuses het nie, soos byvoorbeeld wiskunde, wetenskap, tegniese tekeninge, is daar 'n opsie om 'n oorbruggingskursus te doen om hulle voor te berei.

## Soek oorbruggingskursusse/ diensjare

Dikwels is dit nie so eenvoudig om net werk te kry nie, of die internskappe is dalk moeilik bekombaar, of daar is tyd nodig voor daar van die opleidingsmoontlikhede gebruik gemaak kan word. Dan maak dit sin om 'n oorbruggingsjaar te soek.

**Dit is baie belangrik om nie sommer net vir enige jaar by enige plek te betaal nie. Maak seker van die inhoud, maak seker van die bekostigbaarheid, maak seker van die verwagtinge.**

Daar is diensjare wat deur kerke/instellings en privaat firmas aangebied word wat werklik opbouend is, tot groei lei en 'n jaar lank baie goeie waarde tot jou menswees en jou loopbaanpad toevoeg. Die diensjaar het 'n voordeel van ekstra tyd om te oordink en te soek. Dikwels is daar aan 'n diensjaar ook die geleentheid gekoppel om as dienswerker opgelei te word wat 'n volgende loopbaanmoontlikheid skep. Aansluitend hierby is die keuse om 'n jaar as vrywilliger te werk of gemeenskapswerk te verrig. Die voordeel hiervan is altyd dat dit diensbaar is, baie bevredigend en dikwels tot hoë persoonlike verryking lei. Die nadeel is uiteraard dat dit nie finansieel volhoubaar is nie.

## Soek handeldryf-/ entrepreneuriese geleenthede

In die gawes wat die Here voorsien, gebeur dit dikwels so dat iemand met 'n bepaalde vermoë of geaardheid net 'n produk of 'n geleentheid moet kry om 'n reusesukses te maak van 'n hele loopbaan deur handeldryf- of entrepreneuriese geleenthede. Vir baie ander kom dit nie vanself nie. Dit is wel so dat daar altyd in praktyk geleenthede vir handeldryf, vir entrepreneuriese geleenthede en vir eie inisiatief is. As jy besondere gawes in hierdie verband ontvang het – gebruik dit! Ontwikkel dit!

## 'n Paar algemene riglyne

- Sorg altyd dat jy jou kennis en vaardighede formeel en informeel uitbou.
- Bou aan 'n goeie en 'n sterk CV, ongeag die opsie(s) wat jy kies.

1. Uitvoerende Hoof, Solidariteit Helpende Hand.

- Moenie bang wees vir selfstudie nie. As geen ander opsie werk of realiseer nie, ontwikkel jouself sover as moontlik.
- MOENIE lui raak en niks doen nie. Onthou maar altyd die waarskuwing van Spreuke 26:14: *'n Deur draai rond op sy skarniere, so is die luiaard op sy bed.*

### Samevattend

Al kan almal nie universiteit toe gaan nie, is daar 'n magdom opsies en geleenthede en moontlikhede om te ondersoek, te deurdink, biddend na te vors, van te kies en om van te leef. Gaan nie ligtelik daarmee om nie. Wat ons ook al doen of kies, laat dit wees:

> *Soli Deo Gloria*, aan Hom alleen die eer. *Coram Deo* – 'n lewe voor Hom.

### Soek gerus hier verder vir inligting:

**Solidariteit jongwerkende:**
www.facebook.com/solidariteitjongwerkende/

**Solidariteit:**
diens@solidariteit.co.za

**Solidariteit jeug:**
jeug@solidariteit.co.za

**Solidariteit Helpende Hand:**
diens@helpendehand.co.za of opleiding@helpendehand.co.za

**Sol-Tech:**
navrae@sol-tech.co.za

**Bo-Karoo:**
ontvangs@bokaroopleiding.co.za

**FAK:**
fak@fak.co.za

# Beurse en lenings: Waar kan ek aansoek doen?

Beurse en lenings is by die volgende instansies beskikbaar en studente kan self met hierdie instansies kontak maak.

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (APA)

1. **APA Helpende Hand Fonds**
   In samewerking met Solidariteit Helpende Hand, het die APA 'n beperkte aantal studiebeurse vir hulpbehoewende en verdienstelike studente wat inskryf vir die programme BA, BSocSci of NGOS. Navrae kan gerig word aan Solidariteit Helpende Hand by studente@helpendehand.co.za met 'n verwysing dat die student by die APA studeer.

2. **APA beursfondse**
   Die APA beskik oor twee beursfondse waarvoor studente vanaf hul tweede studiejaar aansoek kan doen. Daar word nie beurse toegestaan aan eerstejaarstudente nie. Die twee beursfondse is behoeftebeurse en prestasiebeurse. Studente moet twee sake met betrekking tot die beurse in gedagte hou: Die beurse dek nie die totale studiegeld nie en by staking van studies, verval alle beurstoekennings.

   i. ***Behoeftebeurs***
   Studente wat een of meer akademiese jaar aan die APA suksesvol voltooi het, kan aansoek doen vir 'n behoeftebeurs. Hierdie beurs word in oorleg met die fakulteitsrade van die APA toegeken. Studente moet 'n volledige verslag ten opsigte van hul finansies sowel as hul behoeftes voorlê. Daar word van studente verwag om akademies te slaag en te vorder by oorweging van 'n behoeftebeurs.

   Daar is behoeftebeurse vir teologiestudente wat deur die Kuratorium van die AP Kerk geadministreer word. Indien voornemende teologiestudente om welke rede nie die fondse het om aan die APA te studeer nie, maar na die oordeel van die Kuratorium en op aanbeveling van die fakulteitsraad, tog akademiese potensiaal toon, kan sodanige studente by die Kuratorium aansoek doen om 'n behoeftebeurs ten opsigte van hul studiegeld aan die APA. Die Kuratorium oordeel oor die meriete van die saak. Hierdie beurs word toegeken met inagneming van die beskikbaarheid van fondse. Slegs studente wat 'n lidmaat van 'n gemeente in die AP kerkverband is,

Vervolg op bl. 20 »



# Die krag van opleiding

**René Roux**[1]

In die tyd en wêreld waarin ons leef, is die geleentheid om te studeer en jou volle potensiaal te bereik, 'n kragtige voorreg. Ons droom by Helpende Hand Studietrust is eenvoudig en tog diep gesaai met betekenis: Ons wil elkeen wat wil studeer die geleentheid gee om dit te doen. Ons strewe is om verdienstelike studente met studiehulp te ondersteun, sodat hulle hul volle potensiaal kan verwesenlik.

Vir ons is dit nie net belangrik om jongmense vir hul beroepe op te lei nie, maar om hulle ook met kennis toe te rus wat hulle sal help om hul roeping te vervul. Ons droom nie net dat hulle 'n werk kry nie, maar eerder 'n suksesvolle beroep kan hê waarin hulle hul gawes en talente volledig kan gebruik. Tersiêre opleiding verbreek dadelik die kringloop van armoede en gee die volgende geslag 'n beter wegspringplek.

**Studente wat deur die Studietrust bygestaan word, help weer 'n volgende student om te gaan studeer deur die lening wat rentevry terugbetaal word. Hierdie volhoubare model skep hoop, dit help waar hulp nóú nodig is en dit maak weer die pad gelyk vir die volgende student.**

Die hart van ons studietrust word weerspieël in die simboliek van "Sewe generasies van hoop gegrond in studie". Hierdie simboliek herinner ons daaraan dat ons drome en hoop vir die toekoms gegrond is in die krag van studie en onderwys.

Die taak wat ons dus as kinders van God by Solidariteit se Helpende Hand Studietrust op onsself geneem het, is om Afrikaanse Christenkinders die kans te gee om te leer. Buiten die ervaring van studentwees en die voorreg van tersiêre onderrig, leer ons hulle ook oor die verantwoordelikheid van teruggee aan jou gemeenskap om sodoende 'n beter toekoms vir die volgende geslag te skep.

Om die geleentheid vir verdere studies moontlik te maak, is diep in ons roeping verweef.

*Maar elkeen moet wandel net soos God hom dit toebedeel het, soos die Here elkeen geroep het* (1 Kor. 7:17).

"Roeping" is die een woord wat ek nog nooit so baie in my lewe gehoor het soos die afgelope tien jaar in diens van die Solidariteit-beweging nie. Dit vorm deel van die vyf waardes wat Helpende Hand geïdentifiseer het.

**Net soos Johannes die Doper, weet ons ook waarmee ons onsself moet besig hou en wat ons roeping is, en ons vertrou op ons hemelse Vader om vir ons die pad te wys.**

Met 'n leergordel om sy heupe en in kameelhaar geklee, het Johannes ten volle verstaan wat sy roeping was. Reeds voor sy geboorte kondig die engel aan dat hy die weg vir die Verlosser sal voorberei. Hy was die een wat die pad vir die Here moes gereedmaak en hy het dit geweet. By Solidariteit se Helpende Hand Studiestrust weet ons dat toewyding aan 'n mens se beroep, meer as net 'n werk is. Dit is 'n roeping!

Ons studietrust, 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand, is 'n platform wat in 2009 gestig is om behoeftige Afrikaanse studente te help deur middel van rentevrye studielenings. Hierdie model bied 'n volhoubare benadering tot onderwys waar elke student wat deur ons ondersteun word, die geleentheid kry om met 'n rentevrye studielening te studeer. Ná voltooiing van hul studies, word hierdie lenings terugbetaal om die volgende generasies van studente te ondersteun.

"Sewe generasies van hoop gegrond in studie" is nie net 'n slagspreuk nie, dit is ons lewenswyse. Ons strewe is volhoubaarheid en die opbou van verhoudings met al ons rolspelers – van donateurs tot studente en gemeenskappe – om 'n impak te maak wat deur die geslagte sal voortleef.

**Ons moet onthou dat ons eintlike roeping is om God se kinders te wees. Wanneer dit op ons aardse lewe toegepas word en ons onsself daarmee besig hou, trek ons ook 'n leerbelt en kameelhaar aan om daardie roeping te volvoer.**

Mag ons almal saamwerk om die drome van ons jongmense te ondersteun, waardeur hulle 'n stewige fondasie kan hê vir 'n toekoms vol moontlikhede en hoop, 'n toekoms waar hulle ook hul roeping kan uitleef.

1. Mediabestuurshoof, Solidariteit Helpende Hand.


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK
ABSA Tjekrekening:
214 014 3068
Takkode: 632 005

*Verwysingsnommer:*
*LIDU + selfoonnommer*


«Vervolg vanaf bl. 18

# Beurse en lenings: Waar kan ek aansoek doen?

kom vir hierdie beurs in aanmerking. Alternatiewelik kan 'n e-pos vir die aandag van die Kuratorium gestuur word by info@apa.ac.za. Studente wat meen dat hulle in aanmerking kom vir die beurs, moet aansoek doen op 'n beursaansoekvorm wat by die APA aangevra kan word. Die volledige vorm word gestuur aan die registrateur by info@apa.ac.za.

*ii. Prestasiebeurs*

Hierdie beurs word deur die senaat van die APA geadministreer. Studente wat een of meer akademiese jaar aan die APA suksesvol voltooi het, kom in aanmerking vir 'n prestasiebeurs. Hierdie beurs word in oorleg met die fakulteitsrade van die APA toegeken ten opsigte van studente wat hulself akademies onderskei van ander studente. Die minimum vereiste om in aanmerking vir so 'n beurs te kom, is 'n gemiddelde punt van 75%. Studente wat voltyds ingeskryf is vir 'n graadkursus aan die APA, kom in aanmerking vir hierdie beurs onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.

3. **Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds**

   Geregistreerde teologiestudente asook behoeftige teologiestudente van die APA kan aansoek doen om 'n rentevrye studielening by die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds. Indien studente hul studie om welke rede staak, of hul kursus nie slaag nie, sal hulle steeds verantwoordelik wees vir die bedrae wat hulle geleen het, teen 'n vasgestelde rentekoers wat met die Kuratorium onderhandel word. 'n Volledige leningsaansoek moet die APA bereik voor of op 5 Januarie van die jaar waarvoor finansiële hulp verlang word. Laat aansoeke word nie oorweeg nie.

## SOLIDARITEIT HELPENDE HAND STUDIESTRUST (HHST)

Die HHST help reeds vir 16 jaar Afrikaanse, Christelike studente met rentevrye studielenings om by geakkrediteerde tersiêre instellings in Suid-Afrika te studeer. Fondse deur weldoeners geskenk, word volhoubaar en optimaal geadministreer en bestuur. Afgestudeerdes kan dan weer op hul beurt bydra tot die implementering van Solidariteit Helpende Hand se visie en missie.

Vervolg op bl. 23»



# Die Afrikaanse Protestantse Akademie: Wegspringplek van roeping

**Dr. Albertus Breytenbach**[1]

**Dit is met groot kommer dat ouers en skoliere die swaar onweerswolke oor onderwys en opleiding in Suid-Afrika gadeslaan. Hoewel die sogenaamde BELA-wetgewing op basiese onderwys gemik is, sal dit noodwendig ook 'n geweldige uitwerking op hoër onderwys en opleiding hê.**

Ouers moet onder geen illusie verkeer nie: Hierdie vernietigende wetsontwerp is 'n onbeskaamde poging van die owerheid om volle beheer oor onderwys te verkry en daarmee oor ons kinders se opvoeding. Die grootste fout sou egter wees om nou op 'n mismoedige hoop te gaan sit. Ouers wat erns met hul doopbelofte maak, moet juis nóú met alle mag en mening weerstand teen hierdie regeringsvergrype bied. So kan hulle nogmaals hul primêre rol as verantwoordelike opvoeders van hulle kinders omhels.

Dit is 'n ironiese verloop van die geskiedenis dat dit die Christelike geloofsoortuiging is, en by uitstek die Reformatoriese tradisie, wat onderrig en opvoeding laat ontwikkel het. Maar nou is dit juis hierdie grondleggers wat gestigmatiseer en vervreem word. As Protestante moet ons egter nie toelaat dat ons trotse onderwyserfenis die vrugte afstaan aan 'n vyandige wêreld, terwyl ons terugtrek in kloosters van privaatheid nie. Ons sal stelling moet inneem deur ons kinders se onderrig en opvoeding ferm in eie hande te neem en wegdoen met staatsinmenging. Wat 'n wonderbaarlike voorsienigheid dat daar dan ook reeds instellings soos die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) bestaan wat ouers hierin kan bystaan. Die APA kan besondere hulp verleen met die opvoedingstaak in die algemeen, maar ook om voornemende onderwysers en ander beroepe tot akademiese volwassenheid te begelei binne die beskutting van die klassiek Reformatories-Christelike tradisie. Wat word hiermee bedoel?

Dit beteken eerstens dat die APA onbeskaamd die wêreld om ons bestudeer en vanuit 'n Christelike perspektief benader. Tweedens wil ons in alle aspekte van studie ons geloofsoortuiging en die vakwetenskaplike inhoud met mekaar integreer. Ons wil nie die geloofsoortuiging en die geleefde lewenswerklikheid van mekaar skei nie, maar hulle ondersoekend met mekaar verenig deur eerlike besinning oor die verskillende denkskole. So word die opleidingsinstelling (skool of universiteit) die ontmoetingsplek van geloof wat soek om te verstaan en eerlik in God se fassinerende skepping te leef. Derdens beskou die APA moedertaalonderrig as 'n ononderhandelbare hoeksteen van Reformatories-Christelike onderrig, aangesien ons glo dat mense nie toevallig op 'n sekere plek en binne 'n sekere volksverband gebore word nie. Verder is taal nie net 'n kommunikasievoertuig nie, maar ook die draer van kultuur. In 'n sekere sin is dit die altaar waarop die geestesgoedere van 'n volk as lieflike geur aan God gebring word.

Vierdens bied die APA 'n wye vakkeuse binne ons BA- (afstand) en BSocSci- (kontak) programme aan. Studente kan kies tussen vakke so uiteenlopend soos geografie, sielkunde, wiskunde, rekenaarwetenskap, antieke tale en vele meer. Studente wat hulleself geroepe ag tot die bediening, kan ook inskryf vir die BDiv-graad in teologie (kontakprogram). Die APA is een van die laaste instellings in Suid-Afrika wat nog oor 'n volwaardige teologie fakulteit beskik (teenoor godsdienswetenskap of vergelykende godsdiensstudies). Deur ons Nagraadse Gevorderde

1. NGOS Programkoördineerder, APA.

Vervolg op bl. 26 ❯❯

# SMELTOOND

• *Junie 2024* •

Deur Charlotte Möller



## *Semper Reformanda secundum verbi Dei*[1] – in kerk én skool

**"Ek is baie bevrees dat universiteite die poorte na die hel gaan word, tensy hulle ywerig arbei om die heilige Skrif uit te lê en op die harte van die jeug te graveer. Ek raai niemand aan om sy kind te plaas waar die Skrif nie die belangrikste is nie. Elke instelling waarin mense nie onophoudelik met die Woord van God besig is nie, sal onheilige instellings word." – Martin Luther[2]**

Luther se eerste formele bespreking van onderwys is in sy verhandeling van 1520.[3] Hierin laat hy hom sterk uit oor die pousdom se korrupte nalatenskap met betrekking tot universiteite en die deeglike hervorming wat nodig was. Hy beskryf universiteite as *gymnasia epheborum et graecae gloriae* ("plekke vir die opleiding van die jeug in die 'verhewe' Griekse kultuur"), waar losbandigheid heers en waar daar van die Bybel en die Christelike geloof omtrent niks geleer word nie. In ronde woorde veroordeel hy die "blinde, heidense leermeester" Aristoteles,[4] wat "veel meer regeer as Christus". Luther wou sien dat universiteite van Aristoteles se sogenaamde beste werke[5] ontslae raak. Ook die res van sy boeke wat daarop roem dat hulle die dinge van die natuur behandel, omdat hulle niks daarvan, óf van die Gees leer nie. "Bowendien het niemand hom [Aristoteles] tot dusver verstaan nie … en enige pottebakker het meer kennis van die natuur as wat in hierdie boeke geskryf staan. Dit bedroef my tot in my hart dat hierdie heiden met sy valse woorde so baie van die beste Christene bedrieg en hul denke besoedel."

Luther se voorstelle vir onderwyshervorming is hoofsaaklik deur teologiese kriteria gelei. Vir hom, soos vir die ander groot Hervormers, moes alle aspekte van die lewe, ook die onderwys van jongmense, in ooreenstemming met die Bybel wees. Anders as die vroeg-Reformatore wat vernuwing van die hede in die verlede gesoek het, het Luther en sy medestryders reformasie nie as 'n terugkeer op die horisontale vlak van die tyd na vroeëre mense, filosofieë of instellings gesien nie.[6] Vir hulle was *re*formasie primêr *trans*formasie, bekering op die horisontale vlak tot God en sy Woord.

Die internasionale universiteitswese is grootliks 'n produk van die Europese [Duitse] universiteitswese.[7] Universiteitstudie het begin met 'n algemene voorstudie aan die fakulteit geesteswetenskappe, waar die sewe vrye kunste bestudeer is. Die inleidende studie het grammatika, retoriek en dialektiek ingesluit en is met 'n Baccalaureus Artium afgesluit. Dit is opgevolg met studie in rekenkunde, meetkunde, astronomie en musiekwetenskap en is met 'n Magister Artium afgesluit. Aan die hand van disputasies[8] is die Reformatoriese idees aan die breë bevolking bekendgestel. Die eerste Protestantse universiteit, die Universiteit Marburg, is in 1527 gestig. In 1529 stel dit 'n beursskema beskikbaar om arm studente finansieel te ondersteun. In 1536 word 'n "kerklike koshuis", die Stift, in Tübingen gestig. Danksy die Reformasie ontstaan daar tussen 1528 tot 1637 ook vyf universiteite in Switserland.

**Die Reformasie was nie net 'n kerklike vernuwingsbeweging nie, maar ook 'n beweging van onderwys. Opregte geloof en naastediens lê aan die hart van die Reformasie en dit kan gesien word aan die ontwikkeling van die skool- en universiteitswese gedurende die beginjare van die Kerkhervorming.**

Hoewel vele universiteite, ook in Suid-Afrika, 'n uitvloeisel van die Reformasie is, het die kerk en 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing sy staanplek in die moderne universiteitswese verloor. Vlagskip Christelike instellings soos Gordon College in Massachusetts en Kings College in New York se akkreditasie is in gedrang en sommige sekulariste meen dat Christelike universiteite glad nie geakkrediteer mag word nie, terwyl ateïste soos Richard Dawkins tuisonderrig aan kindermishandeling gelykstel.[9]

In Suid-Afrika is die Christelike grondslag van tradisionele Afrikaanse universiteite lankal uitgekalwe en vernietig. Die beste voorbeeld hiervan is die inruiling van PU vir CHO vir NWU onder die dekmantel van sogenaamde neutrale onderwys. Op grond van die Grondwet se ruimte vir universiteite met 'n eksplisiet Christelike karakter, meen Van der Walt tereg dat die PUK te maklik "boedel oorgegee" het en dat "daardeur iets kosbaars verlore gegaan het".[10] Waar ons tans aan nuwe instellings bou, moet ons ligloop om nie dieselfde foute as in die verlede te herhaal nie.

1. Om altyd te hervorm volgens die Woord van God.
2. M. Luther, "To the Christian Nobility of the German Nation Concerning the Reform of the Christian Estate, 1520," in *The Christian in Society,* I (*Luther's Works*), trans. C.M. Jacobs and J. Atkinson, ed. J. Atkinson, vol. 44 (1966). Aanlyn: https://bit.ly/3QA4ptE
3. M. Luther, "To the Christian Nobility".
4. Die filosofie van Aristoteles het middeleeuse universiteite oorheers. Dit het nie net die vorme verskaf waarin teologiese en godsdienstige waarheid tot uitdrukking gekom het nie, maar dit was die basis van alle wetenskaplike studie in elke departement. Die man wat Aristoteles nie geken het nie, is as onkundig beskou.
5. *Physica, De Anima, Metaphysica, Ethica Nicomachea, Ethica Eudemia.*
6. B.J. van der Walt, "Die onvoltooide Reformasie van Martin Luther (1483-1546): 'n Verkenning van die filosofiese grondslae van sy denke met spesiale aandag aan sy Tweerykeleer," in *Koers* 82/2 (1966). Aanlyn: https://bit.ly/3QH4MCJ.
7. I.W.C. van Wyk, "Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte", in *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75/5 (Cape Town: AOSIS, 2019). Aanlyn: https://bit.ly/44Apnyb
8. 'n Diskursiewe medium waarmee strydvrae in universiteite besleg is en wat dadelik in drukvorm beskikbaar was.
9. Mary Eberstadt, "Regular Christians Are No Longer Welcome in American Culture," in *Time* (29 June 2016). Aanlyn: https://bit.ly/4a6jfz7
10. B.J. van der Walt, "Besit waardes rigtinggewend-normatiewe waarde? 'n Beoordeling van die Noordwes-Universiteit se waardeprojek," in *Koers* 75/2 (2010). Aanlyn: https://bit.ly/3UykFMZ

«Vervolg vanaf bl. 20

# Beurse en lenings: Waar kan ek aansoek doen?

Behoeftige en verdienstelike studente kan jaarliks tussen 1 Julie en 30 September aanlyn aansoek doen om in aanmerking te kom vir studiehulp in die daaropvolgende studiejaar. Belangstellende studente en donateurs wat fokus op die opheffing en opleiding van jong gelowiges, kan die HHST-webblad by www.hh-studietrust.co.za besoek. Studente kan die HHST by studente@helpendehand.co.za kontak.

## AROS

Aros bied die volgende merietebeurse aan Aros-studente wat aan die vereistes voldoen:

- akademiese meriete (nuwelingeerstejaars)
- senior akademiese meriete (tweede- tot vierdejaars)
- leierskap, sport, kuns en kultuur
- redenaarskompetisies of olimpiades
- sport (prestasie op internasionale of nasionale vlak)
- fisiese gestremdheid
- wees- en pleegkinders
- meer as een Aros-student van dieselfde gesin

Vir verdere navrae kan Aros se finansiële afdeling by rekeninge@aros.ac.za gekontak word, of besoek gerus die webtuiste vir meer inligting: https://www.aros.ac.za/WebItem/Detail/327

## FEDSAS

Tel: 066 477 6480, admin4@fedsas.org.za, www.fedsas.org.za

## ATTERBURY TRUST

https://atterburytrust.org/inligting2/

## NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

Tel: 011 782 9160, www.noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

## RAPPORT ONDERWYSFONDS

https://rof.org.za/

## AFRIKAANSE TOEKOMSTRUST

https://afrikaansetoekomstrust.org/

## CAPITEC EDUCATION FINANCE

Tel: 021 330 5510, info@capiteceducationfinance.co.za, https://capiteceducationfinance.co.za/



# Akademia: Christelik-klassieke opleiding en vorming

**Prof. Danie Goosen**[1]

**Dwarsoor hul geskiedenis word Christelik-klassieke universiteite deur twee oorkoepelende oogmerke gekenmerk, naamlik die opleiding en vorming van hul studente. Akademia sluit daarby aan. Wat word daarmee bedoel?**

## Opleiding

Christelik-klassieke universiteite plaas reeds van vroeg af klem op die opleiding van hul studente met die oog daarop om 'n beroep te kan beoefen. Akademia sluit by hierdie belangrike oogmerk aan. Vir Akademia is dit belangrik dat studente met die oog op 'n goeie werk die beste denkbare opleiding ontvang.

Vanweë 'n veelheid van ekonomiese, maatskaplike en politieke kragte in Suid-Afrika, is dit van die allergrootste belang dat voornemende studente die beste moontlike opleiding ontvang. Sonder goeie opleiding aan 'n universiteit of ander tersiêre instellings, loop voornemende studente die wesenlike risiko om nie tot hul reg te kom nie.

Tersiêre instellings se doel moet wees om studente met kennis van en vaardigheid binne spesifieke dissiplines (hetsy die ekonomie, die reg, die wiskunde, die onderwys, die inligtingstegnologie, ens.) toe te rus. Sonder deeglike kennis van die spesifieke vakgebiede sal studente nie in staat wees om uiteindelik goeie werk te verrig nie.

## Vorming

Vanaf die vroegste tye plaas universiteite egter ook klem op die vorming van hul studente. Tydens die 19de eeu het die Duitse Von Humboldt-universiteit na vorming as "Bildung" verwys. Akademia sluit ook by dié doelwit van die klassieke universiteitswese aan. Opleiding geskied ten beste wanneer dit deur vorming ondersteun word.

Wat is vorming? Terwyl opleiding op die verwerwing van kennis in die onderskeie dissiplines fokus, plaas vorming die klem op insig in die samehang tussen die verskillende dissiplines. Soos die samehang tussen die biologie en die teologie, die ekonomie en die etiek, die politiek en die geskiedenis, ensovoorts. Volgens die tradisionele opvatting kan diegene wat insig in die samehang toon, as "wys" bestempel word.

Akademia is deur middel van die vorming van studente tot die oeroue wysheidsideaal van die universiteitswese verbind.

Akademia gee egter ook 'n praktiese betekenis aan sy ideaal van vorming. Met vorming word verwys na die verbintenis van die Christelik-klassieke universiteitswese tot die etiese "karaktervorming" van sy studente. Karaktervorming vind plaas wanneer studente hulleself as deel van 'n groter geheel van dinge ervaar en hulle uiteindelik ook hul plek as volwaardige mense in dinge soos hul kerk, kultuur- en taalgemeenskap met verantwoordelikheid opneem. Studente word nie in die eerste plek, soos in hedendaagse universiteite, opgelei ter wille van 'n lewe van onverbondenheid en die najaag van slegs hul eie individuele belange nie.

## Universiteite vandag

Verskeie tersiêre instellings is vandag steeds met groot sukses tot die Christelike en klassieke ideale van vorming verbind. Ons dink hier aan universiteite soos Hillsdale College en Grove City in die VSA. Talle universiteite het hulself egter tydens die afgelope dekades van die ideale van vorming in bogenoemde sin, losgemaak.

Laasgenoemde universiteite word deur neiginge gekenmerk om in naam van globalisering,

1. Akademiese Hoof, Akademia

Vervolg op bl. 26 ❯❯



# Aros:
# ’n Christelike hoëronderwysinstelling met ’n roepingsgedrewe fokus

**Nadia Scott**[1]

**Aros is ’n privaat Christelike en Afrikaanse hoëronderwysinstelling wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer is. Die Aros-kampus is in Montanapark te Pretoria geleë.**

By Aros bied die afstandsonderrigmodel studente as voornemende onderwysers die geleentheid om hul studie en praktiese onderwys-ervaring gedurende hul studietydperk te kombineer. Opleiding by Aros is op ’n Christelik-Reformatoriese grondslag geskoei. Dit behels onder meer dat studente gelei word om die onderwysberoep ten eerste as ’n roeping van die Here te aanvaar en te ervaar. By Aros word studente dus as Christenonderwysers begelei wat deur middel van hul beroep die gemeenskap kan dien.

Aros bied drie voorgraadse kwalifikasies aan, naamlik die BEd in Grondslagfase, die BEd in Intermediêre Fase en die BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding. Hierdie kwalifikasies stel studente as voornemende onderwysers in staat om in die praktyk hul roeping as onderwysers in die onderskeie vier skoolfases te vervul. Die BEd in Grondslagfase-kwalifikasie lei studente op om leerders vanaf graad R tot 3 in taal-, syfer- en lewensvaardighede te onderrig, terwyl die BEd Intermediêre Fase-kwalifikasie op die onderrig van leerders in graad 4 tot 6 fokus. Hierteenoor rus die BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding-kwalifikasie studente toe om leerders vanaf graad 7 tot 12 te onderrig. Studente kan in hierdie fase een van vier spesialiseringsrigtings by Aros kies, naamlik tale, ekonomiese en bestuurswetenskappe, natuurwetenskappe, asook verbruikerswetenskappe.

Sedert 2024 bied Aros ook die BEd Honneurs in Leerondersteuning as ’n nagraadse kwalifikasie aan. Dit rus studente toe om Grondslagfase- en Intermediêre Fase-leerders met diverse leerhindernisse doeltreffend te assesseer, te ondersteun en te bemagtig.

Voornemende studente kan ook vir ’n Hoër Sertifikaat in Onderwys of ’n Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) by Aros inskryf. Eerstens dien die Hoër Sertifikaat in Onderwys as ’n oorbruggingskursus vir sekere van Aros se graadstudiekursusse. Tweedens bied die NGOS op sy beurt geleentheid aan voornemende studente wat reeds oor ’n graad in ’n ander studierigting beskik, om ’n onderwyskwalifikasie binne een of twee jaar te verwerf. Aros bied vier NGOS-spesialiseringsrigtings aan, naamlik tale, ekonomiese en bestuurswetenskappe, natuurwetenskappe en verbruikerswetenskappe.

Aros het ten doel om onderwysstudente toe te rus om ná afloop van hul kwalifikasie, die beroepsveld as kundige maar ook as roepingsgedrewe onderwysers te betree.

1. Bemarkingsbestuurder: Aros

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS
Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.liginduisternis.co.za**

«Vervolg vanaf bl. 21

## Die Afrikaanse Protestantse Akademie: Wegspringplek van roeping

Onderwyssertifikaat (NGOS-afstand) wil die APA ook onderwysers toerus om as getroue gelowiges hul roeping uit te leef deur vissers en toerusters van mense in die klaskamer te wees. Dit gaan hier oor die dikwels vergete aspek van Reformatories-Christelike onderrig en opvoeding. Dit is om in Bybelse waardes op te voed en nie net bloot onderrig te gee ter wille van beroepsaanwendbaarheid nie.

Aangesien beide afstand- en kontakprogramme aangebied word, bedien die APA 'n wye verskeidenheid van studente en studentebehoeftes. Of jy nou werk en studeer of voltyds studeer, ons kan met jou die pad stap. Sodoende leef die APA sy visie uit om uitstaande, waardegedrewe hoër onderwys te bevorder. Die APA werk ook trots saam met Solidariteit se Helpende Hand Studietrust om aan soveel as moontlik studente die geleentheid te bied om rentevry te studeer.

Indien dit vir jou as gelowige student, en vir u as gelowige ouer belangrik is om tersiêre studies steeds in die rots van geloofsvaste begronding te anker, bied die APA 'n welkome tuiste en toevlug.

**Vir meer inligting asook om in te skryf, besoek gerus die APA se tuisblad by: www.apa.ac.za.**

«Vervolg vanaf bl. 24

## Christelik-klassieke opleiding en vorming

transformasie, omvattende gelykheid en inklusiwiteit strakke ideologieë op hul dosente en studente af te dwing.

Nog meer, in die plek van die tradisionele oogmerke van die Christelik-klassieke universiteite soos die strewe na die "ware, die goeie en die skone", is universiteite vandag eerder tot modieuse tendense in die wetenskappe soos die relativisme, die naturalisme en die materialisme verbind. Laasgenoemde is tendense waarin die samehang tussen die dissiplines misgekyk en slegs 'n enkele aspek van die werklikheid (aspekte soos die historiese konteks, die biologiese en die materiële) verabsoluteer word.

### Antwoord

Akademia sluit by dié universiteite aan wat tot die eeue-oue en beproefde grondslae van die Christelik-klassieke universiteitswese verbind is. Sodanige instellings bied nie net goeie opleiding aan sy studente nie, maar stel hulle deur vorming in staat om hul plek as volwasse en geroepe mense in die wêreld vol te staan.





Prys: 190

Ook beskikbaar op amazon kindle

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Ná sy opstanding het die opgestane Here Jesus Christus veertig dae gebruik om sy dissipels oor die dinge van die koninkryk te leer (vgl. Hand. 1:3). Hy het hulle verstand geopen om te verstaan dat die Skrifte in Hom vervul is (vgl. Lk. 24:44-45). Die bepalings van die Ou Testamentiese sabbat is in Christus se verlossingswerk volbring. Sonder begrip hiervan kan ons een van twee foute begaan: óf ons word Sabbatariërs, óf ons verontagsaam die vierde gebod. Christus se vervulling van die Tien Gebooie beteken nie dat Hy dit kom afskaf het nie. As deel van die wet is die vierde gebod daarom nog van krag. Deur sy sondelose gehoorsaamheid het Hy die inhoud daarvan verwerklik. Die eerste Adam het gruwelik misluk; die tweede Adam het die nuwe verbond oorwinnend ingestel. Die oue is verby; die nuwe het aangebreek. Hierdie boek beskou die vierde gebod (die sabbatsgebod) vanuit die hoek dat die Tien Gebooie steeds op die kerk van toepassing is, maar vestig die aandag op die middelaarskap van Christus.

www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis
UITGEWERS



# Liturgie in die Nuwe Testament

**Ds. Joubert Ferreira**[1]

"Dominee, kan ons nie maar 'n bietjie ..." en dan volg die versoeke oor hoe die dominee die erediens moet verander, want hier is dít te kort en daar is dát te lank. Sommige wil meer sing en ander wil minder tyd aan die wet of geloofsbelydenis bestee. Die mooi woord wat gebruik word om die elemente van die erediens te beskryf, is "liturgie". Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* gee die volgende definisie daarvan: "al die gebede/handelinge/liedere van 'n erediens; inrigting van 'n erediens."

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy kinders. Mense inisieer dit nie – God roep sy vergadering byeen (vgl. Hebr. 10:25). Hy maak die vergadering moontlik, want Hy stuur sy Seun sodat ons in sy teenwoordigheid kan kom. Dit is dus God se vergadering en Hy bepaal hoe die erediens moet lyk.

Die Bybel bied 'n ryk tapisserie van liturgiese praktyke. Alhoewel die Nuwe Testament primêr op teologiese leerstellings en narratiewe van Jesus Christus en die vroeë Christelike gemeenskappe fokus, bied dit tog ook 'n venster waardeur ons na geloofsgemeenskappe en hul godsdienstige byeenkomste kan kyk. As ons die Nuwe Testament deur 'n liturgiese bril ondersoek, vind ons elemente van aanbidding, gemeenskaplike byeenkomste en sakramentbediening as grondslag van liturgie aldaar.

## Woordgesentreerde aanbidding

Die gereformeerde liturgie lê sterk klem op die verkondiging en uiteensetting van die Skrif. Net soos die Here Jesus in die sinagoge uit boekrolle gelees het (vgl. Lk. 4:16-21) en die vroeë Christene hulle aan die apostels se leer gewy het (vgl. Hand. 2:42), so word die gereformeerde erediens rondom die lees en prediking van die Woord ingerig. Die preek staan sentraal en dien om Bybelse waarhede en die toepassing daarvan op die hedendaagse lewe uiteen te sit.

## Die laaste pasga

Een van die bekendste liturgiese gebeurtenisse in die Nuwe Testament is die laaste pasga, waartydens die Here die nagmaal ingestel het (vgl. Lk. 22:14-23). Hy neem toe 'n beker, dank God en deel dit met sy dissipels: "Dit is my bloed." Toe het Hy brood geneem, gebid, dit gebreek en aan sy dissipels gegee: "Dit is my liggaam." Hierdie sakrament simboliseer die opofferende aard van sy naderende dood en vorm die kern van die Christelike erediens.

## Doop

Die doop is nog 'n belangrike liturgiese element wat in die Nuwe Testament gevind word. Christus het self die doop ingestel toe Hy in Matthéüs 28:19 opdrag gegee het:

> *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ...*

Die doop is 'n teken en seël van God se verbondsbeloftes (vgl. Rom. 6:3-4) wat dui op die gelowiges se inlywing in die liggaam (kerk) van Christus.

## Vroeg-Christelike byeenkomste

Die Nuwe Testament bied ook 'n blik op die gemeenskaplike byeenkomste van die vroeë Christelike gemeenskappe. Die Handelinge van die Apostels beskryf gelowiges wat bymekaarkom vir gebed, gemeenskap, lering en die breking van brood (vgl. Hand. 2:42-47; 20:7). Hierdie byeenkomste sou liturgiese aanbiddingselemente ingesluit het, soos voorlesings uit die Ou Testament, lofsange, gebede en die viering van die nagmaal.

## Gebed en sang

Dwarsdeur die Nuwe Testament is daar verwysings na gebed en sang as deel van vroeë Christene se

1. Leraar, AP Kerk Hoedspruit.

aanbidding. Die Onse Vader, wat die Here aan sy dissipels geleer het (vgl. Mt. 6:9-13), dien as 'n model vir die Christelike gebed. Die Psalms is ook wyd deur vroeë Christene in hul eredienste gebruik. Dit het 'n verskeidenheid van liedere en gebede verskaf.

### Samevatting

Terwyl die Nuwe Testament nie 'n omvattende liturgiese handleiding verskaf nie, lê dit die grondslag vir die Christelike erediens. Aan aan die hand van die geskiedenis van die Here Jesus se bediening, die aktiwiteite van die vroeë Christelike gemeenskappe en die leringe van die apostels, kry ons insigte in die liturgiese lewe van die vroeë kerk. Hierdie Skrifgedeeltes dien as grondslag waarop die liturgiese tradisies binne die Christendom gebou word.

Daar is ruimte vir vernuwing, wat ook kenmerkend van die gereformeerde liturgie is. Dit beteken dat eredienste onderhewig is aan voortdurende evaluering en verfyning in die lig van die Skrif. Die doel is om te verseker dat die eredienste Skrifgetrou, bruisend en relevant vir die behoeftes van die geloofsgemeenskap is. Dit kan wel nie hervorm (of misvorm) word net omdat iemand voel die dominee moet iets anders doen om hul voorkeure tevrede te stel nie. Dit is en bly God se vergadering en daarom bepaal Hy hoe die erediens moet lyk. ☺

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2024

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 1-3; Exodus 1-3 | Matthéüs 1:18-25; 2-3; 4:1-11; Markus 4-5 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Deuteronómium 5-8; Esra 1, 4, 7 | Lukas 1-2; Johannes 5-7 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Josua 1-4; Rigters 6-7; 13-14 | Handelinge 1-3; Filippense 1-2; Filémon 1 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 1-3; 2 Samuel 11-12 | Kolossense 1-4; Judas 1 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Ester 1-10 | Titus 1-3; Jakobus 1-3; 1 Petrus 1-2 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 1-3; Jesaja 6-11 | 2 Timótheüs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Jona 1-4; Job 1-4 | Galásiërs 3-6; Hebreërs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Maleági 1-4; Prediker 1-4 | Romeine 4-8; 1 Korinthiërs 15-16 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | 1 Konings 17-19; Exodus 16-19 | Openbaring1-4; Hebreërs 8-10 | NGB: Artikels 27-29 |


**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**SELFSORG OORNAG WOONSTEL IN PRETORIA**
Rosi se skoon, tenvolle toegeruste slaapgeriewe is weer oop. By Menlyn Mall en Main, naby 6 hospitale, by op- en afritte na N1.
**Skakel Rosi by 078 658 6989**

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**
Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!
**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**
Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag
**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709
e-pos: pietersburg@apk.co.za
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

# BYBELWOORDBLOK: KIBROT-HATTÁÄWA EN GÓLGOTA



**OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR**
*Erkenning: Prof. Danny Nel, "Mei," in* Kerkjaarboek 2017.

## Leidrade uit Númeri 11

### Dwars

1. Hy het geprofeteer (11:26)
4. Die smaak van manna (11:8)
7. Klein kindjie (11:12)
8. Voorkoms van manna (11:7)
14. Met 'n bepaalde doel afskei (11:17)
16. Aansig van die manna (11:7)
17. Simbool vir walging (11:20)
19. Die Gees rus op hom (11:26)
21. In verwoestende werking wees (11:1)
22. Kinderversorger (11:12)
25. 'n Deel hiervan is afgesonder (11:17)
26. Klein aanteelslagvee (11:22)
28. Setel van die gevoel (11:6)
31. God se toorn het "uitgebreek" (11:1)
32. Voedsame gereg in Egipte (11:5)
33. Manna daarin fyn gestamp (11:8)
34. Hewige afkeer ervaar (11:20)
35. Doodslag op groot skaal (11:32)
36. Moses se assistent (11:28)

### Af

2. Dit val snags op die laer (11:9)
3. Die afstand van 30 km (11:31)
5. Moses wil hierdie ramp nie aansien nie (11:14)
6. Groentesoort van Egipte (11:5)
8. Hunkerend uitsien na iets (11:34)
9. Swaarkry, verpligting (11:11)
10. God se gelofte (11:12)
11. Volume homer versamel (11:32)
12. Bymekaargemaak (11:32)
13. Tydperk van dertig dae (11:20)
15. Oudstes is ook amspdraers (11:16)
18. God se gramskap (11:1)
20. Nuwe woonplek vir Israel (11:35)
23. Groentesoort van Egipte (11:5)
24. Die land van "die vleispotte" (11:5)
25. Om fyn te maak (11:8)
26. Voëls wat God voorsien het (11:31)
27. Die woord beteken: Brand (11:3)
29. Sinlike begeerte (11:4)
30. Die volk het na hom geroep (11:2)
32. Hulle was oorweldig deur die begeerte na hierdie voedsel (11:4)
33. Vergelding wat God stuur (11:1)
34. Natuurelement onder God se beheer (11:31)

# Laat die waarheid seëvier

**Stefan Botma[1] skryf:**
Die verhaal,[2] "Siener lei Boere deur die Rooisee", kom uit die boek, *Stem van 'n profeet*, deur Adriaan Snyman. "Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is genl. De Wet en 500 man teen die Caledon- en Oranjerivier se samevloeiing (beide in vloed) deur die Engelse vasgekeer. Danie Theron het met 'n boodskap van Siener van Rensburg deur die rivier geswem en tussen die Engelse linies deurgekruip. Volgens die boodskap was daar 'n spesifieke plek waar die perde sou kon deurgaan sonder dat hul pense nat sou word. Nadat genl. De Wet onwilliges met die sambok bygekom het, is die hele kommando veilig deur die rivier sonder dat die perde se pense nat geword het. Die volgende oggend het die Engelse die perdespore gevolg en halfpad deur die rivier het 'n sandbank ineengestort en al die Engelse en honderde perde het verdrink – net soos Farao se ruiters destyds by die Rooisee."

Bogenoemde is nie 'n historiese werk nie, dit wil sê, dit word nie deur bronne geverifieer nie. Die verhaal is 'n sameflansing van verskillende gebeure, waaronder die oorgawe van genl. Piet Cronjé by Paardekraal (27 Februarie 1900) teen die Modderrivier (in vloed), 30 km buite Kimberley (op pad na Petrusburg). Tydens laasgenoemde gebeurtenis is Cronjé met meer as 4 000 burgers en 400 waens deur lord Roberts se magte (40 000 man, 100 kanonne) omsingel. Die Engelse het vanaf Sondag 18 Februarie die vasgekeerde laer van Cronjé aangeval en gebombardeer. Genl. De Wet het baie pogings aangewend om Cronjé se kommando te ontset en het Danie Theron (kaptein van die Rapportryers) gevra om 'n mondelinge verslag na Cronjé te neem. Gedurende die nag van 25 Februarie het Theron deur die vyandelike linies gekruip om die boodskap aan Cronjé te bring dat hy die laer moes los en in die nag 'n pad oopskiet, terwyl De Wet die Engelse sal verhinder om hom te agtervolg. Cronjé wou egter nie sy samewerking gee nie en sy offisiere, soos kmdt. MJ Wolmarans, wou nie verder veg nie. Op 27 Februarie was Theron terug in De Wet se laer met stukkende en bebloede knieë en dieselfde dag om 10:00 het Cronjé oorgegee.

Volgens prof. AWA Raath, historikus en emeritusprofessor aan die regsfakulteit van die Universiteit van die Vrystaat en skrywer van meer as 150 artikels vir geakkrediteerde vaktydskrifte, insluitend baie navorsing oor Siener van Rensburg, was hy 'n Godsman en 'n volksman, maar nie 'n waarsêer nie. Daar moet onderskei word tussen die feitelike visioene (bv. die voorspelling van genl. De la Rey se dood) en simboliese visioene (bv. waar hy blou osse sien trek en 'n swartpot uit die noorde sien kom). Hy het 'n nou band met De la Rey gehad en dié het hom as 'n geloofsmens opgesom. Vroeër in die oorlog het Van Rensburg 'n visioen van die toekomstige lyding in die konsentrasiekampe gehad en hy is daarvoor verkwalik. Sy medeburgers (op daardie stadium in Cronjé se kommando), het hom as dislojaal teenoor die Boeresaak beskou. Hulle was nie op sy geestelike vlak nie, want hy het in afhanklikheid van God geleef en hulle het hul vertroue op Cronjé en die Mauser gestel. Dit het hulle duur te staan gekom met die oorgawe by Paardeberg.

Ons moenie 'n Boere-nostradamus van Van Rensburg maak nie. Ons as Afrikanermense is nie die uitverkore volk van God nie. Dit is slegs beskore vir dié wat Jesus Christus aanneem en in Hom as hul enigste Verlosser glo. Ons het baie statusbewus en materialisties geword en dit bring mee dat ons oordeel aangetas word. Die gevolg is dat opportuniste op 'n wye front hul mede-Afrikaners uitbuit en hulleself verryk. Ongelukkig word mense met 'n diepgewortelde geloof verdag gemaak en opportuniste word aangehang. Dit kom ons Afrikanervolk duur te staan. My dank aan ons hemelse Vader vir die geestelike leiding wat ons as lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk ontvang. Hierdie leiding kom nie slegs vanaf 'n preekstoel nie, maar veral van die voorbeeld wat deur teoloë en predikante in die AP kerkverband gestel word. 'n Pastoriehuis waar die huwelik en die gesin tot eer van God strek, dra geweldig by tot kerkbou.

1. AP Kerk Gordonia. Brief redaksioneel verkort.
2. Reaksie op E. Olivier, "Danie Theron – voorwaar Boereheld!" in *Die Boodskapper* (November 2023), 24.

### AP KERK LEONARDVILLE

## Hartlik geluk!

In die AP Kerk Leonardville kon die Mariental-wyk op Maandag 8 April saam met tannie Hester Schrader terugkyk oor seëninge van 90 jaar.

Tannie Hester is 'n voorbeeld vir ons ander wat jonger as sy is. Tot baie onlangs nog het daar niks vir haar hande verkeerd gestaan nie. Haar wens is steeds "om vir die Here te kan werk".

Ons wens vir haar is die Here se ryke genade en seëninge en gesondheid en kragte vir die dae wat oor is.

Ingestuur



*Tannie Hester Schrader*

### AP KERK LYDENBURG

## Belydenis van geloof

Op Sondag 28 Januarie het twee finalejaarkatkisante, PJ Robbertse en Jayden Wilson, belydenis van geloof afgelê. Die diens is deur ds. Adriaan Botes waargeneneem.

Seën word hulle toegebid vir die toekoms. Die gemeente is trots op hulle en ons bede is dat hulle vir Christus sal leef en sy liefde na die mense om hulle sal uitstraal.

Jaco en Natashia Robbertse



*PJ Robbertse, ds. Adriaan en Jayden Wilson*

### AP KERK UTRECHT

## Oudste lidmaat

Oom Evert van Doorn was lank ons oudste lidmaat. Hy het verlede jaar, kort ná sy 94ste verjaarsdag, na Volksrust se tehuis vir bejaardes verhuis.

Gedurende Februarie het ons gemeente 'n dooplidmaat, 'n dogtertjie, ryker geword.

Ons het ook 'n paar verjaarsdae gevier. Gedurende Maart het twee van ons ouderlinge verjaar. Op 1 April was dit tannie Cecile Schroon se beurt. Sy en haar man, oom Gert, het nou die eer om die oudste lidmate van ons gemeente te wees.

Baie dankie vir elke lidmaat se harde werk in die gemeente.

Ingestuur



*Oom Evert van Doorn*

## SUIDKUS VAKANSIEVERBLYF

Feitlik op die hoofstrand (braaiers by woonstelle en swembad). Twee slaapkamer (slaap 6) met Dstv. Veilig omhein met lugreëling. Buite seisoen: Vanaf R450 per nag (breekskade deposito betaalbaar).

**Jopie du Plessis Edms. Eiendomme Bpk.:**
**Sel: 082 858 7047 of e-pos: jopiedupl@gmail.com**
**Ander eenhede: Skakel Johann Venter 082 564 5678**

## VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES:

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei –**
**Kontak ons by 082 614 5857**

## BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

## SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.

MAJUBA 1881

NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

## Kasteelsig Gastehuis
## Pretoria

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** MEI 2024, BL. 13

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | O | O | N | P | L | E | K | S | L | I | N | K | S | E | S | O | N | D | E | R |
| B | O | Y | H | T | O | D | W | A | N | D | E | L | G | F | I | R | O | T | S | G |
| E | R | G | E | O | N | O | D | R | H | D | E | L | E | S | O | S | A | W | O | E |
| E | L | S | E | O | S | V | L | E | E | S | S | H | T | S | I | A | V | O | N | W |
| N | O | T | R | R | K | R | I | G | I | T | R | E | U | E | L | K | E | N | D | E |
| I | G | E | L | N | U | T | E | T | L | E | O | N | I | R | E | R | R | D | A | L |
| E | I | R | I | E | L | E | F | E | V | T | E | N | E | E | W | O | S | E | A | D |
| R | T | K | K | E | D | M | L | R | E | D | E | V | S | K | E | N | T | R | R | W |
| E | E | V | H | A | S | P | I | H | N | I | M | L | Y | H | A | D | O | S | S | A |
| N | N | A | E | D | B | E | K | A | S | E | A | A | N | T | W | O | O | R | D | H |
| I | T | N | I | M | L | L | H | N | O | V | N | O | G | N | S | M | T | K | S | A |
| U | L | W | D | D | O | G | E | D | E | E | G | O | E | D | H | E | I | D | T | A |
| N | M | E | W | T | E | E | I | S | K | A | N | D | E | L | I | K | I | R | E | T |
| L | E | E | U | N | D | G | D | A | A | T | O | E | V | L | U | G | A | W | M | N |
| R | N | N | K | N | O | F | F | E | R | A | N | D | E | S | E | H | O | O | N | B |
| G | S | D | A | L | O | V | V | E | R | T | E | L | M | N | U | A | L | N | T | E |
| E | E | Y | G | W | A | A | R | H | E | I | D | A | N | H | U | I | S | I | S | P |
| L | V | E | R | G | A | D | E | R | I | N | G | A | L | T | A | A | R | N | I | R |
| Y | G | P | G | E | H | E | E | R | S | O | M | K | O | P | E | R | Y | G | E | O |
| K | A | R | A | V | E | R | B | E | R | G | A | A | N | N | E | E | M | A | L | E |
| G | E | N | A | D | I | G | O | H | E | S | T | R | U | I | K | E | L | R | E | F |

**VOLTOOI MET ONBENUTTE LETTERS:** ... by die goddelose sit ek nie.
Ek was my hande in onskuld en wil gaan rondom u altaar, o HERE ...

AP KERK NAMIBIË

## Paaskamp 2024 – Swakopmund



Paaskamp

Dis Paastyd. Wat beteken dit vir elkeen van ons – regtig? Wat beteken dit vir die koninkryk van God – regtig?

Dis Paastyd. Dis ook Paaskamptyd. Van regoor dor, droë Namibië trek gelowiges saam om te kom koelte soek, hiér by die see. Dis 'n blye weersiens. Die uitgestrektheid van hierdie dorsland maak saamweesoomblikke seldsaam – kosbaar. Die 850 km vanaf Rundu, 670 km vanaf Stampriet, 570 km vanaf Tsumeb, 450 km vanaf Outjo en 350 km vanaf Windhoek word weglaatbaar klein. Gewillige hande, oop harte en baie gebede bring ons bymekaar vir die jaarlikse Paaskamp. Daar word saamgekuier, kosgemaak, gespeel en gelag.

Dis Paastyd. Dis ook groeityd. Ds. Schalk Strauss lei die lesings oor geestelike groei. Hy gaan voor met nagmaal Vrydagaand en lei die diens op Opstandingsdag. Dit word 'n geestelike reis saam met hom. 'n Reis deur die woestyn na waters waar rus is. Ons weet – die Here het hom vir ons gestuur om op sy unieke manier, ons elkeen te begelei na ten minste die begeerte om nie geestelik in die woestyn te stagneer nie. Sy aansteeklike passie vir die evangelie en positiewe uitkyk oor die koninkryk, maak opgewondenheid en verwagting deel van die kampatmosfeer. Die gesprekke verdiep in die verwondering oor wat die Paaslam vir ons kom doen het. Ons het saam met Hom gesterf sodat ons ook oorwinnend saam met Hom kan leef.

Dis Paastyd. Dis ook koeltesoektyd – weg van die skroeiende woestynhitte en dor paaie wat ons tot hier gebring het. Ons het dit gevind in die sagte, koel gesuis van die Woord – hiér waar die woestyn die see ontmoet.

Dis Paastyd. Dis ook jubeltyd – oor die Lam. Ons kan skuil in die triomf van die kruis wanneer ons hoor: *Dit is volbring!*

**Mimi Linde**

AP KERK BARKLY-OOS

## Nuwe leraar

Ds. Adriaan Bester is op 6 April 2024 deur ds. Henri Scherman as leraar van die AP kerke Steynsburg, Barkly-Oos, Stormberg, Tarkastad bevestig. Ons bid hom seën toe op sy bediening.

**Ingestuur**




Di. Henri Scherman en Adriaan Bester



# *Een Eeuw van Onrecht* (3)

**Dr. Pieter Möller**[1]

**Ná die mislukte Jameson-inval het die jingo's hul propaganda-aanslag verhewig. Daarmee is die Engelse regering beïnvloed om te glo dat sy gesag en prestige in Suid-Afrika bedreig word. Die hoofdoel was om die ZAR te verneder sodat Afrikaners in ander gebiede van Suid-Afrika hoop op 'n groter verenigde Suid-Afrika sou laat vaar.**

Die jare wat gevolg het tot en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, staan dan ook in die lig hiervan en is verder 'n onteenseglike bewys van onder meer die Britse regering se oneerlikheid, bedrog, onbetroubaarheid en laakbare dubbelhartigheid.

'n Vorige artikel het na die susereiniteitskwessie verwys.[1] Ná die Jameson-inval het die ZAR wette aangeneem waardeur die Krugerregering onwelkome persone wat 'n veiligheidsrisiko was, toegang kon weier en uit die land kon sit. Die Britse regering het dit as 'n verbreking van die Londense Konvensie beskou. Om die geskil te besleg, stel die ZAR-regering arbitrasie, met die president van Switserland as arbiter, voor. Die Britse regering het dit verwerp en beweer die ZAR staan op grond van die Pretoriase en Londense Konvensies onder Britse gesag en is dus nie by magte om op arbitrasie aan te dring nie. Die ZAR-regering weerlê dié bewering met "onweerlegbare kracht". Lord Derby, die Britse Koloniale Sekretaris, gee ná die sluiting van die Londense Konvensie in 'n telegram opdrag om die ZAR-regering in kennis te stel oor die "complete internal independence in Transvaal". Dit word ook deur Lord Rosmead in 'n verklaring bevestig. Die Britse regering het in latere jare by monde van Chamberlain, koloniale sekretaris in 1895, voet by stuk gehou dat die susereiniteit nie beëindig is nie en was selfs bereid om 'n oorlog daaroor te begin.

Die kapitaliste, met hul oog op die ZAR se goud as hy sy onafhanklikheid verloor, het gevolglik opstoking onder die uitlanders begin en so het die Uitlandervraagstuk sy beslag gekry. Weldra het Rhodes se South African League tot stand gekom om hiermee behulpsaam te wees. Vanuit Johannesburg is onwaarhede oor die sogenaamde agterlike Boere die wêreld ingestuur. Die Britse regering het hierdie stories vir soetkoek opgeëet. Met behulp van die kapitaliste is 'n goed georganiseerde veldtog teen die ZAR op tou gesit by wyse van vergaderings, griefgeskrifte na koningin Victoria en propaganda in die pers. Die ZAR-regering het die Britse regering in 'n amptelike skrywe meegedeel dat 'n klein minderheid Britse onderdane verantwoordelik was vir die denkbeeldige griewe. Ook Chamberlain het op onwaar en kwaadwillige wyse oor allerlei sake ("iedere kleinigheid") soos die dinamietkonsessie, die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatskappij (NZASM), spoortariewe en selfs die drankwet beswaar gemaak as sou dit 'n verbreking van die Londense Konvensie wees. Terwyl Chamberlain op die oorlogspad was, gee die Britse regering op skynheilige wyse te kenne dat hy ernstig begeer om vriendskaplike betrekkinge met die ZAR te handhaaf.

Die Krugerregering was korrek in sy aanname dat die South African League opstokers was, soos dit uit die volgende drie voorvalle blyk. Die Lombard-voorval het te make met die beweerde mishandeling van gekleurde (bruin) Britse onderdane deur veldkornet Lombard in Johannesburg. Hy het hul huis na bewering sonder 'n lasbrief binnegegaan en die inwoners aangerand en in hegtenis geneem het. Volgens die bevinding van 'n driemankommissie was die bewerings vals. Die saak is boonop eers maande ná die sogenaamde voorval aan die lig gebring en die Kleurlinge het in die hof onder eed verklaar dat hulle nie uit hul eie so 'n saak sou maak nie. Die

1. *Die Boodskapper* (April 2024), bl. 30.

Vervolg op bl. 36 ››



# Ratte wissel

**Hannekie Verwoerd**

Elke seisoen van die lewe kom met sy eie uitdagings. Dit word deur soveel eenders ervaar dat daar stereotipe benamings vir die betrokke lewensjare is. Wat kinderontwikkeling betref, staan twee hiervan voorop: "terrible two's" en "tienerjare". Met die oog op laasgenoemde, kyk menige ouer met ontsetting vorentoe en begin sommer vroeg reeds bewapen en as't ware in die loopgrawe ingrawe vir dit wat aan die kom is.

As jong ma het dit vir my na so 'n kranksinnige oueringesteldheid gelyk dat ek my voorgeneem het om nooit tieners in my huis te hê nie. Die term "tiener" is immers 'n skepping van die moderne, sekulêre sielkunde. Ek sou myne so grootmaak dat tienergrille en -geite ons nooit oorval nie. Hierin was ek natuurlik deels reg. Of die kind nou twee of tussen twaalf en negentien is – as gelowige ouers lê ons lewensbeginsels neer in lyn met die "eer jou vader en jou moeder"-gebod. Ons hoef nie na die pype van tierende tweejariges of dikmond dertienjariges te dans nie, inteendeel, gedurende die meer uitdagende ontwikkelingstadiums is daar gewoonlik juis ekstra geleentheid om op te voed en te vorm. Nie 'n tyd vir bewapening nie, maar 'n geleentheid, "an age of opportunity", soos die skrywer Paul Tripp dit noem.

Ek was wel verkeerd om te meen dat daar glad nie iets soos tienerjare hoef te bestaan nie. Nou kan ek wel deeglik vertel dat die puberteitsjare unieke uitdagings vir ouers én kinders meebring. Om kinders die volwasse lewe in te stuur, is 'n proses wat verrassend kompleks kan raak. Om voldoende gebruik te maak van geleenthede wat die verskillende lewenstadiums van opgroeiende kinders teweegbring, moet 'n mens van rat kan verwissel. Ouervaardighede in die tempering van tweejariges moet noodwendig anders wees as om tieners te help gereedmaak vir die lewe as volwassenes. Hierin kan 'n mens soms vasval, want tieners laat jou aan jouself twyfel soos min ander dinge.

En hulle maak jou gedaan! Alles is óf 'n reusegrap, óf 'n onoorkomelike uitdaging wat tot 'n emosionele krisis lei. Niks is meer maklik nie! Opdragte word skielik voorstelle en daardie musiek-in-jou-ore-woorde, "ja, goed, ek sal, Mamma," het in die niet verdwyn. Boonop voel dit of ek die Kombi is wat die Venter sleep – vyf Venters! Hulle is té ontspanne oor skoolwerk, spandeer ure aan akademie-arm projekte, "vergeet" van take wat aan hulle opgedra is, om dit ná aanmaning half te voltooi, krap oral om, stamp jou kar, kos jou geld, slaap veels te veel en is oor die algemeen emosioneel dreinerend. Ek is gereed om nie loopgrawe nie, maar berge in te vlug. Hoe gemaak?!

Die woorde van die apostel Jakobus troos my as ek bedruk en swaar beproefd voel – God is besig om my te verander deur die uitdagings wat kinderopvoeding bring.

> ***Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. En dan: En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.***

A, wysheid! Nommer een noodsaaklikheid as jy tieners (nee,

kinders van enige ouderdom) in die huis het. Wysheid – om rigting te gee sonder om inisiatief te smoor, om pligsgetrouheid te verwag sonder om 'n strafkampingesteldheid te kweek, om taakvoltooiing prioriteit te maak sonder om kinders te laat voel hulle staan kopgeklem in 'n drukgang, om kinders te help insien dat wat nou gebeur, 'n invloed op hul toekoms het, om alles anders minder belangrik te ag as dat my kind sy weg na Jesus Christus vind en van harte besef dat hy 'n Saligmaker nodig het.

Ons dink en praat baie, kla en kerm oor die verkeerde gesindheid en optrede van ons tieners, terwyl ons baie min nadink oor ons eie optrede teenoor hulle. Rol ons oë misnoeg oor die klere op die vloer? Is ons stemtoon druppend van verwyt en sarkasme? Spreek ons liggaamshouding van vyandiggesindheid? Spreek ons optrede teenoor ons liewe kinders van 'n verwagting dat hulle ons gaan teleurstel? Dissiplineer ons liefdevol of korrigeer ons met bitsige venyn? Bereken ons hoe ons ewe sondige reaksie op ons kinders se sondige natuur, ons verhoudings raak?

Krag en motivering om daagliks die stryd aan te knoop – teen eie sondige reaksies, begeerte na rus, vrede en ontspanning (ontsnapping?) en om nie my kind as my vyand te reken nie, maar as medestryder in die loopgraaf – vind ek nie in my eie karakteronvaste self nie. Kyk ek na binne, wil ek op die vlug slaan. Hef ek my oë op, vind ek fokus, rigting en rustigheid, én die vermoë om my tieners nie net lief te hê nie, maar ook van hulle te hou.

In sy groot genade bedeel God van sy mense met besondere insig en wysheid in die hantering van kinders. Gebruik hierdie genadegawes wat na ons toe kom in die vorm van boeke, preke en praatjies. Lees Emerson Eggerichs se *Mother and son – the respect effect*. Paul Tripp se *Age of opportunity* is net so kosbaar en dan natuurlik *Shepherding a child's heart* (vir die jonger jare) en *Instructing a child's heart* van Ted Tripp. ☺

---

«Vervolg vanaf bl. 34


## Een Eeuw van Onrecht (3)

Edgar-voorval hou verband met ene Edgar wat 'n medeuitlander so aangerand het dat hy later dood is. Die bure het alarm gemaak en 'n polisieman het gaan ondersoek instel waarop Edgar hom met 'n stuk yster aangeval en die polisieman hom uit selfverdediging doodgeskiet het.

Die Amphitheatre-voorval vloei voort uit 'n griewevergadering wat die South African League wou hou en waarvoor toestemming verkry is. Regeringsamptenare het polisiebeskerming aangebied, maar dit is van die hand gewys omdat die polisie ná die Edgar-voorval glo ongewild by hul lede was. Die gevolg was dat dit sommer al by die aanvang daarvan opgebreek is en toe gekla is omdat die polisie nie opgetree het nie. Chamberlain het hom op flagrante wyse met die uitlandersienings van hierdie gebeure vereenselwig en lang beswaarskrifte met beskuldigings aan die ZAR-regering gerig. Die Krugerregering het op bedaarde wyse die volledige feite aan Chamberlain geskets nadat hulle die gevalle deeglik ondersoek het, maar sonder om enige hond haaraf te maak.

Milner is in 1897 as Goewerneur van die Kaapkolonie en Britse hoë kommissaris vir Suid-Afrika aangestel. In hom het Chamberlain 'n gewillige, bekwame en ewe geslepe bondgenoot gevind. Die skroef is derhalwe in die volgende aantal jare uitermate deur hulle aangedraai, dikwels op laakbare wyse, in 'n verbete poging om die ZAR sy onafhanklikheid te ontneem.

Chamberlain en Milner se laaste aanval het te doen gehad met stemreg. Toe die ZAR in 1882 verblyf met die oog op stemreg van 1 tot 5 jaar verleng, het die Britse regering nie beswaar gemaak nie. In 1890 het die ZAR dit na 14 jaar verander. Dit was die stok waarmee Chamberlain en Milner die ZAR teen 1899 geslaan het. Milner het onverbiddelik op 5 jaar aangedring. Kruger was bereid om verdere toegewings te maak solank dit nie die ZAR se onafhanklikheid in gedrang bring nie. Dit het uiteindelik uitgeloop op die Bloemfonteinse Konferensie van 31 Mei tot 5 Junie 1899. Dit het egter misluk omdat Milner oorlog wou hê, wat dan ook op 11 Oktober 1899 uitgebreek het. "En de gevolgen van dit bedrog [van die Engelse – PM] zullen met het bloed en de tranen van duizenden onschuldige personen beschreven worden." ☺



## STUDEER VERDER BY DIE APA EN ONTSLUIT NUWE DEURE!

*Baccalaureus Societas Scientiae*

**BSocSci**

Die BSocSci-graad is 'n kontakgraad. Dit het ten doel om meningsvormende leiers in die joernalistiek, politiek, onderwys en gemeenskapsontwikkeling te lewer wat die samelewing weg van die afgronde van beide die verlede en ons tyd kan help lei. Hierdie graad is uitnemend geskik as voorbereiding om leiers te wees op die berge van invloed, as dit so vir hulle beskik is: kerk, gesin, opvoeding, burgerlike regering, kuns en ontspanning, media, sowel as besigheid en ekonomie.

**KLASSIEK-CHRISTELIK | BYBELGETROU | AFRIKAANS**

- Studeer terwyl jy werk.
- Internasionaal aanwendbaar.
- Kwalifiseer om by SACE te registreer.
- Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
- Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys.

**Schola Scripta** (kontakprogram), **BA** (afstandsprogram), **BSocSci** (kontakprogram), **NGOS** (kontakprogram), **TPK** (afstandsgebaseerd), **BDiv** (kontakprogram)

**OU SPORE, NUWE WEË**

www.apa.ac.za




BCVO *Ter wille van ons Kinders*

BEWEGING VIR CHRISTELIK VOLKSEIE ONDERWYS

1994 30 JAAR 2024

## ONTSLUIT JOU KINDERS SE TOEKOMS!




- CVO-SKOLE LANDSWYD
- AKADEMIE
- SPORT EN KULTUUR
- TROTS AFRIKAANS

Vir uitnemende Christelike skoolopvoeding volgens jou geloofs-en kultuurgrondslag!

KONTAK ONS

WWW.BCVO.CO.ZA
012 361 5793

*Ter wille van ons Kinders – tot eer van God*

**BEWEGING VIR CHRISTELIK VOLKSEIE ONDERWYS**

# Jy kan nie DROOM as jy HONGER is nie.

## Voed 'n kind.



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

www.stophonger.co.za



JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 183 • Junie 2024

# Hoe besluit ek wat om eendag te word?

Ds. Schalk Strauss

Moes jy al moeilike besluite in jou lewe neem? 'n Moeilike besluit wat dalk nog vir jou voorlê, is die besluit oor wat om eendag te word. Wat dit nog moeiliker maak, is dat jy hierdie besluit reeds op 'n baie jong ouderdom moet neem. Terwyl jy nog onvolwasse en onkundig is, moet jy reeds oor iets besluit wat die res van jou lewe kan bepaal. Dit kan 'n mens nogal laat terugdeins, want jy wil nie graag 'n fout maak waarvoor jy dalk die res van jou lewe moet boet nie! Daarom worstel so baie jongmense met die vraag: Hoe besluit ek wat om eendag te word?

## Is ek geroep?

Twee woorde wat in Afrikaans eintlik sinonieme is, is "loopbaan" en "beroep". Vir Christene is daar egter 'n verskil. Ons kies om eerder van beroep as loopbaan te praat wanneer ons verwys na die werk wat ons eendag wil doen. Waarom? Want die woordjie "be*roep*" herinner ons dat die werk wat ons doen, 'n *roep*ing is. God roep ons nie net om sy kinders te wees nie, maar ook om 'n werk te doen wat tot sy eer is en om tot sy eer te werk.

Wanneer jy dus moet besluit wat om eendag te word, is die belangrikste vraag nie watter beroep jou gaan help om die meeste geld te maak nie. Die eerste en belangrikste vraag wat jy jouself moet afvra, is: Roep God my om hierdie werk te doen? Dit gaan jou help om te besluit wat om te doen, maar dit gaan ook bepaal hoe jy daardie werk gaan doen. Jou werk sal altyd ’n vreugde wees, want jy doen dit nie vir jouself nie, maar vir Hom wat jou roep.

As jy weet dat jou werk ’n roeping van God is, moet jy ook vra: Is hierdie werk ’n werk tot God se eer of nie? God sal jou byvoorbeeld nie roep om die baas van ’n casino of ’n professionele dief te word nie, want Hy verbied dobbelary en diefstal. Hy gaan jou ook nie roep om ’n dwelmbaas te word nie, want mense se lewens is vir Hom kosbaar en Hy wil hê dat sy kinders ander se lewens beskerm en nie vernietig nie.

## Watter gawes het ek gekry?

’n Tweede stap wat jy moet volg om te weet wat jy eendag moet doen, is om te kyk watter gawes, talente en belangstellings die Here jou gegee het. As jy byvoorbeeld goed daarin is om redenaars te praat of te kan skryf, roep God jou dalk om ’n joernalis of selfs ’n predikant te word. As jy egter in boerdery belangstel en van diere hou, is jy dalk geroep om ’n veearts of ’n boer te word. Luister ook wat ander mense, wie se mening vir jou belangrik is, vir jou sê. Hulle kan jou help om jou gawes te identifiseer.


## Hoe kan ek die koninkryk van God dien?

Derdens moet jy jouself ook afvra: In watter beroep sal ek met die gawes wat God vir my gegee het, sy koninkryk die beste kan dien en help om dit uit te brei? As ek die gawe het om byvoorbeeld ander met hul probleme te help, kan ek dalk ’n berader word wat uit die Bybel ander mense met hul probleme help. As ek die gawe het om ’n suksesvolle besigheidsman of -vrou te word, kan ek die geld wat ek deur my besigheid maak, gebruik om God se koninkrykswerk te finansier.

## Bid


Om duidelikheid te kry oor jou roeping, jou gawes en hoe jy God se koninkryk eendag in jou beroep kan dien, is dit belangrik dat jy daaroor bid. Bid van kleins af dat God vir jou sal wys waar en hoe Hy jou eendag in sy diens wil gebruik.

*Boustene van die Koninkryk: Graad 2.*
*Illustrasie deur Ester van Deventer.*



# Die reiniging van die tempel (Joh. 2:13-25)

# MASSAS EN MINDERHEDE




**DWARS**

2. Ophou om te praat (Ps. 50:3)
3. Kleinvee (Ps. 50:9)
4. Natuurelement wat kan verwoes (Ps. 50:3)
7. Hulle wei op die berghange by duisende (Ps. 50:11)
8. God roep hierdie planeet tot 'n getuie (Ps. 50:1)
9. Een van God se getuies (Ps. 50:4)
10. God se verlossing (Ps. 50:23)
13. Hy haat die tug (Ps. 50:16, 17)
15. Regspraak van God oor sy volk (Ps. 50:4)
16. Dit behoort aan God (Ps. 50:12)
17. Plegtige ondernemings teenoor God (Ps. 50:14)

**AF**

1. Om jou geloftes na te kom (Ps. 50:14)
2. Jong bul (Ps. 50:9)
4. Elkeen van hulle is aan God bekend (Ps. 50:11)
5. God se belofte van redding (Ps. 50:15)
6. Deurtrapte skelm (Ps. 50:18)
7. Om bymekaar te maak (Ps. 50:5)
10. Voedselgebrek (Ps. 50:12)
11. Deeglik onder die aandag bring (Ps. 50:7)
12. Knoeiwerk en kullery (Ps. 50:19)
14. Hulle word in die bosse aangetref (Ps. 50:10)


Ester van Deventer

## DIE REINIGING VAN DIE TEMPEL (JOH. 2:13-25)

Die dag waarop die Israeliete die pasga gevier het, was amper daar. Met hierdie fees het hulle gedink aan die dag toe God hulle uit Egipte uitgelei het. Hulle moes 'n lammetjie slag en die bloed aan die deurkosyne smeer. Daar was ook spesiale offers wat die Israeliete by die tempel moes bring. Daarom was daar baie diere rondom die tempel. Beeste het gebulk, skape het geblêr en duiwe het gekoer en in hul hokke rondgefladder. Die mense wat die offerdiere verkoop het, het hard uitgeroep sodat almal kon hoor.

"Kom koop jul beeste hier!"

"Skape en duiwe hier te koop!"

Hulle het met die diere wat hulle verkoop het, probeer geld maak.

Baie mense het gestop en vir hulle 'n bees of 'n skaap of 'n duif gekoop om te offer. Die ryk mense het beeste gekoop; die arm mense duiwe. As jy beeste of selfs duiwe wou koop, moes jy mos geld hê. Die probleem was dat nie al die Israeliete in Israel gebly het nie. Baie van hulle het op ver plekke gebly en dit het beteken dat hulle 'n ander soort geld gebruik het as die mense wat die beeste verkoop het. Daarom was daar ook geldwisselaars. Hulle werk was om een soort geld vir 'n ander soort geld te ruil.

"Ruil jou geld hier! Ruil stuiwers vir sikkels!" het hulle heeltyd geskree.

Die Here Jesus het saam met sy dissipels na die tempel gegaan. Toe Hy by die tempel kom, het Hy al

die mense, die beeste en die skape daar gesien. Hy het gehoor hoe die mense skree en die die diere raas. Dit was ’n groot deurmekaarspul. Die tempel het nie gelyk of geklink soos ’n plek waar daar tot God gebid word nie. Dit het eerder soos ’n mark gelyk en geklink. Dit het die Here Jesus baie kwaad gemaak. Hy het ’n paar toue aanmekaar gevleg en dit soos ’n sweep gebruik. Hy het toe begin en al die beeste en die skape weggejaag. Die bees- en skaapverkopers het begin hardloop om hul diere weer gevang te kry. Daarna het die Here na die tafels toe geloop waar die geldwisselaars was. Hy het hul tafels net daar omgegooi sodat al die munte op die grond rondgerol het. Die geldwisselaars het vinnig hul geld probeer optel. Hulle moes doen wat die Here Jesus wou hê; hulle het geen ander keuse gehad nie. Heel laaste het die Here na die mans gegaan wat die duiwe verkoop.

“Vat hierdie duiwe weg en kry ’n ander plek om hulle te verkoop. Die tempel is nie ’n mark waar ’n mens geld probeer maak nie. Die tempel is die huis van my Vader, die plek waar Hy aanbid moet word.” Die dissipels het gesien wat Jesus gedoen het. Hulle het teruggedink aan die woorde van koning Dawid lank gelede.

“Ek kry swaar omdat ek so lief is vir u tempel. Die mense wat my beledig, is die mense wat Ú wil beledig.”

Hulle het verstaan wat koning Dawid bedoel het. Die Here Jesus wou die mense leer om God met respek te aanbid. Daar het weer vrede en rustigheid by die tempel gekom. Die mense kon weer bid sonder dat hul aandag afgelei word. Maar ’n klompie priesters het na Jesus gekom. Hulle was baie kwaad.

“Waarom doen U hierdie dinge?” het hulle gevra. “U is tog nie ’n profeet nie?” Die Here het na hulle gekyk.

“As julle hierdie tempel afbreek sal Ek dit in drie dae weer opbou,” het Hy gesê.

“Wat!” het die priesters uitgeroep. “Dit het ons ses-en-veertig jaar gevat om hierdie tempel te bou, maar U gaan dit in drie dae weer opbou? Dit is onmoontlik!” Hulle het hul koppe geskud. Hulle het gedink Jesus is gek. Maar hulle het nie verstaan wat Hy bedoel het nie. Toe die Here oor die tempel gepraat het, het Hy nie van die pragtige gebou gepraat nie, maar van Homself. Hy is die tempel van God.

’n Paar jaar later sou Jesus sterf en sy liggaam sou in ’n graf neergelê word. Maar, ná drie dae sou Hy weer uit die graf opstaan. Terwyl die Here met die priesters gepraat het, het sy dissipels ook gestaan en luister. Hulle het ook nie presies geweet wat Hy bedoel het nie, maar hulle het Hom vertrou. Nadat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, het hulle onthou en toe het hulle verstaan.

# My allerbeste vir die Allerhoogste




**Ons glo in die kerk dat God ons Koning is. Ons glo dat Hy groter as enige menslike koning is – maak nie saak wie daardie koning is nie. Tog glo ons ook dat ons Koning sy mense oneindig liefhet – so lief dat Hy sy Seun gestuur het om hulle sy kinders te maak. Anders gestel: Die Vader het sy geliefde Seun, in wie Hy 'n welbehae het, gestuur om te sterf sodat ek en jy wat sondaars is en verdien om te sterf, vir ewig kan lewe.**

Toe die Seun mens geword het, het Hy nie as 'n koning onder mense kom lewe nie. Néé! Hy het as 'n dienaar gekom wat selfs op 'n stadium sy dissipels se voete gewas het. As 'n dienaar is Hy weer en weer verneder totdat Hy aan 'n kruis doodgemaak is. Hy het laag neergebuig sodat Hy ons hoog kan oplig. Hy het dit nie gedoen omdat ons so oulik is of omdat ons 'n kans verdien nie. Néé, Hy het dit gedoen toe ons nog sondaars was. As ek dinge reg verstaan, kom leer die Bybel ons dat God sy heel beste vir ons gegee het.

Dink jouself vir ’n oomblik in: Jy koop vir jou vriend ’n verjaarsdaggeskenk. Jy spandeer al jou sakgeld op die geskenk, want jy wil graag vir jou vriend wys dat hy of sy vir jou spesiaal is. Jy draai dit in mooi geskenkpapier toe en jy maak ’n pragtige kaartjie wat jy bo-op vasplak. Dae voor die tyd brand jy al van opgewondenheid. In jou verbeelding kan jy sommer sien hoe opgewonde jou vriend is om jou geskenk oop te maak en hoe hy of sy sommer ekstra gelukkig daaroor gaan wees.

Maar, wanneer die dag aanbreek, vat daardie vriend jou geskenk sonder om dankie te sê. Hy skeur dit vinnig oop sonder om die kaartjie te lees en dan is hy nie eens bly as hy sien wat jy vir hom gekoop het nie. Hy gooi dit sommer net daar eenkant in die hoek neer. As jy dan vir hom verduidelik dat jy dit baie spesiaal vir hom gekoop het, sê hy dat hy eintlik iets anders wou hê … Hoe gaan dit jou laat voel?

’n Mens noem dit wat daardie vriend gedoen het, ondankbaarheid, en dit is lelik! Dit maak ’n mens se hart seer en dit maak ’n mens sommer kwaad. Kom ek wees eerlik – as iemand wat ek ’n vriend noem, so maak, sal ek sukkel om langer daardie persoon se vriend te bly. Al stem ons saam dat dit baie lelik is om so met ander mense te maak, doen ons dit baiekeer met God! Ons hoor wat Hy vir ons gegee het en ons hoor wat Hy moes betaal om dit vir ons te gee. Maar dan vra ons nie net die heeltyd vir ander goed wat vir God minder belangrik is nie, ons gooi ook dikwels die Here Jesus se groot liefde daar eenkant in die hoek asof dit nie belangrik is nie.

Dit is tog nie hoe ’n kind van God optree nie? Die allerhoogste God het sy heel beste vir ons gegee en dit beteken dat ek van nou af my heel beste elke dag vir Hom wíl gee. Dit is presies waarom Paulus in Kolossense 3:23 sê:

> *En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie …*

Dit is net goed en reg dat ek elke dag, in alles wat ek doen, my allerbeste vir die Allerhoogste moet gee.